HOOFSTUK 7 Deel 2



Studentelewe op die PUK-kampus: sportaktiwiteite en koshuise

Gerhard Oosthuizen



'n Tiperende foto van die studentelewe in die algemeen (Bron: PUK-Argief)

Kardinale deel van die studentelewe is georganiseerde sport, soos dit duidelik blyk uit die entoesiastiese deelname aan byvoorbeeld intervarsities. In 1951 is amptelik aan tien sportsoorte deelgeneem. Dié getal sportsoorte het in 2003 bykans verdriedubbel. Sportprestasies is 'n kragtige werwingsinstrument en daarom is sogenaamde prioriteitsportsoorte geïdentifiseer. Aan atletiek, rugby, krieket, tennis, netbal en hokkie is voorkeuraandag gegee. Hierdie beleid het heelwat vrugte afgewerp, want gedurende die negentigerjare het veral atletiek, netbal, dameshokkie en rugby gedy en talentvolle sportlui is na die PU vir CHO gelok.

Die PUK het gevolglik talle sportlui opgelewer wat provinsiale en nasionale kleure verwerf het. 'n Interessante tendens in verband met deelname aan inter-universitêre sportbyeenkomste was dat dames heelwat beter as mans gevaar het. Enkele aspekte wat in Deel 2 van hierdie hoofstuk uitgewys word, is onder andere die volgende: die voortdurende tekort aan afrigters, die behoefte aan sterker plaaslike ligas, die aanbied van buitekursusse, gebrekkige sportfasiliteite, aanpassings in die sportadministrasie en -bestuur en sportbeoefening op Sondae.

Die verskillende aspekte van koshuislewe vorm 'n integrale deel van 'n universiteit se geskiedenis en daarom is in Hoofstuk 7, Deel 2 ruimte daaraan afgestaan. Die toenemende styging in die getal koshuisinwoners het



Die dirigente/rasieleiers, Frikkie van Deventer en Hans van Zyl in aksie tydens 'n sportbyeenkoms/intervarsity. *(Bron: PUK-Argief)*

besondere uitdagings aan die Universiteitsowerheid gestel. Teen 1951 was daar minder as 500 koshuisinwoners, maar in 1966 is die 1 000-kerf, in 1971 die 2 000-kerf en in 1973 die 3 000-kerf verbygesteek. Gedurende die tagtigerjare is 'n afplatting in inwonergetalle beleef, terwyl die tweede helfte van die negentigerjare weer 'n beduidende oplewing in die aanvraag na koshuisinwoning getoon het. Teen September 2003 het sowat 4 087 studente van koshuisinwoning gebruik gemaak. Met die selfstandigwording van die Universiteit in 1951 was die dienste van 'n enkele koshuisvader en een koshuis-moeder voldoende om die bestuur van bestaande koshuise te hanteer. Op grond van die genoemde toename is die koshuisadministrasie later drasties aangepas. Akkommodasieprobleme vanweë die stygende aantal inwoners, die rol van huiskomitees, die voog- en die oriënteringstelsel van eerstejaars en joolaktiwiteite word ook aangeraak in hierdie hoofstuk.

Aksies wat deur die Universiteitso-werheid in samewerking met studenteverteenwoordigers geïnisieer word om studente positief in te stel teenoor die eise van die akademie, is ook 'n belangrike tendens in die koshuislewe. Daarby was die oopsteling van koshuise vir alle rassegroepe gedurende die negentigerjare 'n historiese geleentheid wat ook eiesoortige probleme opgelewer het. Hierdie probleme is positief en kreatief deur belanghebbendes aangepak. Aangesien dit onmoontlik is om die geskakeerde aspekte van koshuislewe in besonderhede te bespreek, is volstaan met net die belangrikste tendense.



Sommige van die Springbokkapteine en wêreldpresteerders: (Bron: Eerste Rugbyspan, 1959 en Gedenkalbum, bl. 73)

7.2.1 Sportontwikkeling, 1951-2003

- ***Die era van die Sentrale Sportbestuur, 1951-1975***

- *Prosesse en probleme*

Gedurende die eerste bestaansjaar van die Universiteit as selfstandige instelling is elf sportsoorte onder die oorhoofse beheer van die Sentrale Sportbestuur (SSB) beoefen, naamlik atletiek, dameshokkie, manshokkie, korfbal, tennis, krieket, boks, stoei, bofbal, jukskei en rugby.[1] Enkele jare later is swem en bofbal hierby bygevoeg.[2] Die aantal sportsoorte wat beoefen is en hul ondersteunende klubs het teen 1975 aangegroei tot 24 klubs.[3]

Die SSB is gekonfronteer met verskeie probleme, waaronder die volgende: die tekort aan finansies, ruimte, afrigters, die beoefening van Sondagsport, veral deur sommige Wes-Transvaalse sportunies, asook die toenemende gees van laksheid aan die sportfront.[4] In 1958 het die SSB sy kommer uitgespreek oor die "onrusbarende" afname in sportbelangstelling. Dit het veral tennis, rugby, korfbal, krieket, hokkie, bofbal, swem, stoei en tafeltennis geraak. Onder andere was dié tendens toegeskryf aan die tekort aan oefenbane, veral vir tennis, bofbal, hokkie (mans en dames) en krieket, asook die afwesigheid van ligas vir tennis, stoei, krieket en manshokkie. Daarbenewens het die meeste klubs 'n behoefte gehad aan ligas waarin kompetisie mededingend is. Ondanks genoemde probleme het bykans al die klubs aan die SAU-toernooie deelgeneem. Beperkte geldelike middele het deelname dikwels bemoeilik en heelwat klublede moes die koste verbonde aan hul deelname self betaal.[5]

In die 1965 SSB-verslag het die volgende negatiewe noot deurgeslaan: "Op die sportvelde het die Universiteit vanjaar nie te goed gevaar nie. Met die uitsondering van enkele klubs, is ons sport nie heeltemal op inter-universitêre standaard nie." Om dié probleem op te los is die Sportinstituut in 1965 in die lewe geroep[6] met die oud-Springbokrugbyspeler, Piet Malan, as Sportdirekteur.

Dat die Instituut reeds vroeg sukses behaal het, blyk duidelik uit die SSB-verslag van 1966 waarin vermeld is dat dit 'n redelike suksesvolle sportjaar was, en "dat die stigting van 'n Sportinstituut reeds vrugte begin afwerp" het.[7]

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir C.H.O.

Alle Korrespondensie
moet gerig word aan
DIE REGISTRATEUR
P.U. vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM
Telefoon Nr. 148 en 758
Vermeld asb. in u antwoord
Verwysingsnr. SVR/1

POTCHEFSTROOM 20 Maart 1952

SdT/MH

Die Sekretaris,
Studenteraad,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.

Geagte Heer,

Hiermee wens ek die ontvangs te erken van u brief van 17 deser insake die behoeftes van verskillende sportsklubs en kan hieromtrent soos volg antwoord:

1. Ons sal baie graag 'n Graskolfblad wil aanlê. Ons het reeds vroeër die saak deeglik ondersoek maar gevind dat dit 'n baie duur onderneming is wat vir die tydperk wat krieket deur ons studente gespeel word werklik nie ekonomies lonend is nie. Ons het op die oomblik soveel ysters in die vuur dat ons van mening is dat die saak maar eers nog moet wag totdat ons met die uitleg van al ons sportsvelde gestabiliseer is.

2. Ons sal nog 'n Jukskeibaan laat aanlê. Dog ons sien nie kans vir die verdere versoek van die Jukskeiklub nie. Ons is van mening dat die werkies werklik self deur die lede onderneem kan word.

Graag wil ons u ook vra om die Voetbalklub te versoek om die lyne wat hulle op die voetbalveld nodig het, self daar aan te bring soos hulle dit vroeër altyd gedoen het. Kalk vir die doel kan hulle van mnr. Bosman kry.

3. Die doelpale van die Korfbalklub sal so spoedig moontlik deur ons herstel word.

4. Die moontlikheid dat nog meer ruimte vir die Bofbalklub by die Gimnastiekvelde beskikbaar gestel word, word ondersoek.


5. Die huidige kennisgewingborde sal inorde gebring word en ondersoek sal ingestel word na die oprigting van groter en meer doeltreffende kennisgewingborde sodra die uitleg van die nuwe kampus bepaal is wat nog voor die end van die jaar sal geskied.

Ons hoop u vind dit alles so inorde.

U dienswillige,

REGISTRATEUR.

'n Brief van die PUK-registrateur aan die Studenteraad oor die behoeftes van die onderskeie sportklubs, 1952
(Bron: SR (A1), Korrespondensie (intern), 5 Feb. 1952-20 Nov. 1952, 20 Mrt. 1952)




Piet Malan neem die leiding by die Sportinstituut, 1965 (Bron: PUK-Argief)

Ook in die daaropvolgende jare is dikwels melding gemaak van die besondere rol van die Sportinstituut in die sportbedrywighede en dat samewerking tussen die SSB en die Sportinstituut tot gevolg gehad het dat sport op georganiseerde vlak ongekende hoogtes bereik het.[8] Jarelange klaagliedere oor sportfasiliteite is grootliks beëindig na die ingebruikneming van die Fanie du Toit-sportterrein[9] in 1974. Tydens hierdie geleentheid het dr. Piet Koornhof, Minister van Sport, die amptelike opening waargeneem.[10]

- ***Atletiek***

Atletiek kan beskou word as een van die "spog"-sportsoorte aan die PU vir CHO. Dit is 'n sportsoort wat veral gedurende die sestiger- en sewentigerjare besondere hoogtepunte bereik het. Enkele dekades tevore was dit alles behalwe die geval. Met min talent wat tydens die tradisionele eerstejaars-atletiekbyeenkoms in 1951 "geoes" is en boonop ook die afstel van die jaarlikse interfakultêre byeenkoms weens ongure weer, was die begin van die atletiekseisoen in die selfstandigwordingsjaar niks om oor opgewonde te raak nie. Nietemin het 'n aantal atlete tydens die Wes-Transvaalse atletiekbyeenkoms besondere prestasies behaal. W.A. Nel is aangewys as die beste atleet van die byeenkoms. In 1951 het die PUK-atletiekklub vir die eerste keer die Dalrymple-byeenkoms vir Suid-Afrikaanse universiteite aangebied. Die PUK het die vierde plek onder die agt mededingende universiteite ingeneem.[11] Ook die fakultêre byeenkoms van 1952 is deur reën belemmer. Gedurende 1952 het C. Steyn en S. van Helsdingen die Wes-Transvaalse Junior-atletiekspan gehaal. 'n Span van sewe lede het aan die Dalrymple-byeenkoms deelgeneem, waartydens B. Duvenage die prestasie behaal het deur 'n tweede plek in die paalspringitem te verower.[12]




'n Foto van die inwyding van die Fanie du Toit-sportterrein, 1974 (in die boufase daarvan sedert 1970 bekend as die Oude Molen-sportterrein), met dr. Piet Koornhof en prof. Bingle op die voorgrond (Bron: Die Wapad, 29 Maart 1974, p. 1)


Aangesien die ou atletiekbaan op die terrein van die Fisikakompleks nie meer aan die vereistes voldoen het nie, is 'n aanvang geneem met die aanlê van 'n nuwe veld gedurende die vroeë vyftigerjare. Op 11 April 1953 is die nuwe atletiekbaan tydens 'n intervarsity teen die Universiteit van die Oranje-Vrystaat amptelik in gebruik geneem.[13] Ondanks die nuwe atletiekveld en die ywer van die bestuur was daar relatief min aktiewe lede in 1953. In 'n poging om belangstelling aan te wakker en om aan minder goeie atlete die kans te bied om teen ander spanne mee te ding, is 'n atletiek-intervarsity teen Kovsies aangebied. Die geslaagde byeenkoms het onder meer daartoe bygedra dat die PUK deur 'n besondere groot span in die Dalrymple-byeenkoms verteenwoordig is. Alhoewel geen noemenswaardige prestasies behaal is nie, het die deelnemende atlete waardevolle ondervinding opgedoen.[14]

Die kwynende belangstelling wat reeds in die vorige jaar bespeur is, was gedurende 1954 en 1955 merkbaar. Die interfakultêre byeenkoms van 1954 is deur die B.Sc.-groep in die Fakulteit Natuurwetenskappe gewen. W. van Heerden het opspraak in PUK-geledere verwek deur die Suid-Afrikaanse Universiteite-rekord vir spiesgooi te verbeter.[15] Die jaar 1956 was bedrywig, aangesien drie plaaslike byeenkomste aangebied is, naamlik die eerstejaarsbyeenkoms, die "botsing teen dorp" en die interfakultêre byeenkoms – laasgenoemde gewen deur die B.A.-groep in die Fakulteit Lettere. Die volgende lede van die Atletiekklub is ingesluit in die SAU-span: E. Roodt (werpskyf), K. Boonzaaier (verspring) en W. van Heerden (spiesgooi), terwyl ses Pukke die Wes-Transvaalspan verteenwoordig het teen 'n besoekende Duitse span.[16] Gedurende die daaropvolgende jaar het die Atletiekklub die byeenkoms van die Noordelike Universiteite met sukses aangebied. Die grootste span nog in die klub se geskiedenis (veertien lede) het aan die Dalrymple-byeenkoms deelgeneem waartydens twee tweede plekke behaal is.[17] Atletiekbyeenkomste tussen koshuise het weer in 1958 herleef en vir die eerste keer is diplomas aan die wenners uitgedeel. Oor die geheel beskou, was dit egter maer atletiekjaar, aangesien die PUK nie goed gevaar het tydens die Noordelike Universiteiteen die Dalrymple-byeenkomste nie. Mej. A. de Kock het egter vir opwinding gesorg deur as die Suid-Afrikaanse Junior-spiesgooikampioen aangewys te word.[18]


Die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare kan beskryf word as 'n bloeitydperk in die geskiedenis van die Atletiekklub. In 1959 is aansienlike vooruitgang bespeur, wat onder meer toegeskryf kan word aan die bestuur se belangstelling in die atlete en die ywer waarmee bestuursfunksies aangepak is.[19] Gedurende 1960 het die PUK-atletiekklub die derde plek op die ranglys van universiteite beklee en het veral die landloopspan goed gevaar tydens die



W.A. Nel as beste atleet tydens die Wes-Transvaalse atletiekbyeenkoms van 1951 (Bron: Gedenkalbum p. 41)



Die ou atletiekveld by die Fisika-kompleks (Bron: PUK-Argief, Lugfoto)



J.A.G. Liebenberg, SA Junior- en Senior-hoogspringtitel, 1960 (Bron: Gedenkalbum, p. 86)

SAU-landloopkompetisie. J.A.G. Liebenberg het ook die PUK se naam eer aangedoen deur sowel die Junior- as die Senior-hoogspringtitel in te palm met 'n nuwe SA Junior-hoogspringrekord van 6 voet 5¼ duim (189 cm).[20]


Die PUK-atletiekklub het in 1961 deelgeneem aan vier provinsiale kampioenskappe, asook aan twee landloopkompetisies. Daarbenewens is 'n eerstejaarsbyeenkoms, PUK-kampioenskappe en die Dalrymple-byeenkoms (23 September 1961) ook plaaslik aangebied. Die damespan het die prestasie behaal om die gesogte Roger Dyason-skild tydens die Dalrymple-byeenkoms te verower deur 30 punte teenoor die 26 van die Universiteit van Stellenbosch te behaal. Rina Bierman, 'n Springbokhokkiespeler, het daarin geslaag om nie minder nie as 18 van die 30 punte op eie houtjie aan te teken. Die jaar is verder bekroon deurdat vyf atlete Wes-Transvaalkleure verwerf het.[21]

Die daaropvolgende seisoen was eweneens bedrywig en die landloopspan het die onderskeiding behaal om Kovsies die loef af te steek. Slegs twee atlete, naamlik Pietman Botha en Alta de Kock, het daarin geslaag om Wes-Transvaalkleure te behaal.[22] Die jaar 1963 kan egter beskou word as "die mees geslaagde jaar in jare", aangesien verskeie atlete in die Wes-Transvaalspan opgeneem is en die PUK 'n tweede plek tydens die Dalrymple-byeenkoms behaal het. Landloopitems was veral besonder suksesvol: die eerste drie plekke is tydens die Kovsie-intervarsity verower, die Wes-Transvaalliga is gewen en al die spanlede is gekies om Wes-Transvaal tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te verteenwoordig.[23] Die SSB-voorsitter het in sy 1964-verslag moedeloos vermeld dat slegs enkele klubs op inter-universitêre standaard is. Een van die positiewe uitsonderings was beslis die Atletiekklub, want die manspan kon sorg vir een van die grootste sportprestasies van die jaar deur tydens die jaarlikse inter-universitêre byeenkoms vir die eerste keer die Dalrymple-beker te verower. Daarby het die damespan ook goed presteer deur die tweede plek te behaal. Dit was dus nie vreemd dat agt Pukke opgeneem is in die Proteaspan nie.[24]



Me. Rina Bierman (later van Zijl), kranige atleet en Springbokhokkiespeelster, 1961 (Bron: Gedenkalbum, p. 89)

In die daaropvolgende jare is op die PUK-atletiekklub se skitterprestasies voortgebou. 'n Algehele tweede plek is tydens die Dalrymple-byeenkoms behaal nadat Tukkies 'n skrale oorwinning van een punt behaal het. W. Coetzee het verder ook die onderskeiding behaal deur as lid van die SAU-span in Duitsland deel te neem.[25] Coetzee het sy uitmuntende prestasie voortgesit deur die Suid-Afrikaanse rekord in die 120 treë-hekkies tot 13,8 sekondes te verbeter en het sodoende Springbokkleure verwerf.[26] Enkele jare later, in 1968, is die trotse PUK-atletiektradisie verder uitgebou deurdat nie minder nie as vyf atlete (Willie Coetzee, Bea Marais, Fanie van Zijl, Willie van der Westhuizen en Dawie Booysen) gekies is vir die Springbokspan wat in Duitsland deelgeneem het. Coetzee het verder die onderskeiding te beurt geval om as kaptein van die span aangewys te word.[27] Gedurende die tydperk 1968 tot 1975 het die PUK-atletiekklub op plaaslike, nasionale en internasionale vlak uitstekend gepresteer. Op plaaslike vlak het die Pukke die Wes-Transvaalliga grotendeels oorheers. Só byvoorbeeld is 25 PUK-atlete in 1968[28] en 22 in 1975[29] gekies om Wes-Transvaal tydens nasionale byeenkomste te verteenwoordig. Tydens nasionale byeenkomste het die Pukke ook deeglik van hulle laat hoor. In 1968 het Tukkies die PUK slegs met een punt geklop en sodoende die De Loorskild (nasionale klubkampioenskappe) verower.[30] In dieselfde jaar was die PUK-aflosspan vir mans die vinnigste klub-



Nog bekende Springbokatlete v.l.n.r. B. Marais, F. van Zijl, W. van der Westhuizen en D. Booysen 1968
(Bron: Atletiek Gedenkalbum)

aflosspan in die 4 x 100 m in Suid-Afrika, met tyd van 40,8 sekondes (net 0,2 sek. buite die Suid-Afrikaanse rekord).[31] In 1973 het van die twintig PUK-atlete wat aan die Suid-Afrikaanse spele deelgeneem het, ses medaljes verower (vyf brons en een silwer).[32] Die volgende jaar het hulle skitterend presteer tydens die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe deur altesaam vyf goue medaljes in te oes: Piet Meyer in die 5000 m- en 20 km-stap, Dawie Malan in paalspring, Marié van der Westhuizen in dames-gewigstoot en Deon Troskie in hoogspring vir mans.[33] In 1975 het die PUK-atlete tydens dieselfde byeenkoms agt goue medaljes, drie silwer en een brons medalje verower.[34]

Benewens die jaarlikse Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskap is die pragprestasies tydens die jaarlikse atletiektoernooi van Suid-Afrikaanse universiteite voortgesit. Sowel die mans- as die damespanne was feitlik deurgaans 'n faktor waarmee die ander universiteite deeglik rekening moes hou.[35] Goeie prestasies is in 1971, 1972 en 1973 deur die mans behaal toe hulle elke keer 'n tweede plek verower het. Die beker vir die beste manspan het hulle dus telkens net-net ontwyk.[36] Die PUK-damespan het egter vir die beste prestasie gesorg deur die Roger Dyason-skild vir die beste damespan tydens die SAU-toernooi van 1974 vir die tweede keer te verower met 'n totaal van 89 punte teenoor die 67 van Stellenbosch in die tweede plek.[37] Boonop het die damespan gedurende die jare 1959 tot 1975 telkens daarin geslaag om onder die eerste vier spanne tydens dié toernooi te eindig.[38] Op internasionale vlak het die PU vir CHO ook uitmunten-



Atletiekafrigters, 1976: v.l.n.r. Pypies Laubscher, Barry Richter, Ria van den Berg en Jos Sirakis
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})



SPORTHELDE VEREER

PUKSPORT BARS DEUR DIE KLANKGRENS

— REKTO

(Deur Gert van Jaarsveld)

Die Potchefstroomse Universiteit het vanjaar wat sport betref, deur die klankgrens gebreek, het di Rektor, prof. H. J. J. Bingle, op 24 September gesê toe hy die Universiteit se „Sportman van die Jaar aangekondig het.

Die Puk se sport het vanjaar weliswaar deur die klankgrens gebars. Die foto bo toon die sportman van die jaar, Andries Krogmann, waar hy die gesogte toekenning van die eggenote van die rektor, mev. Bingle, in ontvangs neem. Die foto bo spreek van die Puk se sukses op rugbygebied. Jim van Rensburg, kaptein van die eerste rugbyspan, neem die Blainebeker in ontvangs.

Foto's: Fotokuns



ANDER TOEKENNINGS

Die man wat die besondere eer te beurt geval het, is Andries Krogmann. Hy is een van Suid-Afrika se voorste langafstandatlete en het vroeër die maand dubbele Springbok geword.

Krogman het ook 'n erepenning ontvang. Ander Puk-Springbokke het ook erepennings ontvang.

Hulle is: Johan Hunter (driesprong) en mev. Elza de Wet (korfbal). Jim van Rensburg kaptein van die Pukke se eerste voetbalspan, wat vanjaar in hulle liga van alles skoonskip gemaak het, het ook 'n erepenning ontvang vir sy besondere bydrae tot die Universiteit se sport.

WISSELTROFEE

Nie minder nie as sestien ander toekennings is aan Puksportlui gemaak. Hulle is: De Klerk-wisselbeker vir die sportman wat die meeste sport gedoen het in die jaar — G. van Eck.

Landloopwisselbeker vir d student wat die beste gevaar h die seisoen — A. Krogmann Wapenmeesterskild vir skerm - P. Kramer; Damesfloret v skerm — H. Combrinck; Pres dentmedalje vir die beste vo dering in voetbal in die jaar - E. van Wyk.

Spanwisselbekers wat verc wer is, is dameshokkie deu Klawerhof; krieket deur Dorp netbal deur Karlien; rugby deu Johannes van Rooy-huis (A-liga en Kasteel (B- en C- ligas); swer — mans deur Piet Grobler-hu en Dorp en dames — Klawerho

Die George Booyens-wisse trofee vir die beste prestasies i koshuisligas is verower deu Kasteel-manshoskuis en Klawe hof-dameskoshuis.

Die Wapad-berig oor die oplewing in PUK-sport en Andries Krogmann wat die toekenning as sportman van die jaar ontvang het (Bron: Die Wapad, 29 Okt. 1971, p. 8)


de prestasies gelewer. In Julie 1969 het die PUK-atletiekklub 'n span van sewe lede, waaronder een afrigter en een bestuurder, na Europa gestuur waar hulle aan verskeie byeenkomste deelgeneem het. Die toer is in Londen afgesluit met die deelname aan die Britse kampioenskappe.

Gedurende die toer is drie Suid-Afrikaanse rekords verbeter en Willie Coetzee het met 'n tyd van 14,00 sekondes die Britse titel in die 110 m-hekkies ingepalm. Bea Marais het tydens dieselfde byeenkoms 'n vierde plek in die 800 m behaal.[39] Die twee Pukke, wat saam met die Springbokspan van 1970 na Argentinië getoer het, het hulle eweneens goed van hulle taak gekwyt. Fanie van Zijl het vier goue en Johan Hunter twee goue medaljes tydens twee internasionale byeenkomste ingepalm.[40]

- ***Rugby***

Wat prestasies en publisiteit betref, het rugby die sporttoneel tydens die SSB-era grotendeels oorheers. Gedurende 1951 het nie minder nie as vyf spanne aan die plaaslike liga deelgeneem. Só byvoorbeeld het die tweede span daarin geslaag om die plaaslike ligabyeenkoms vir die tweede agtereenvolgende jaar te wen en was die o/19 A-span ook goed op dreef en in 'n goeie posisie om die ligawedstryd te wen. Die eerste span (Theos) het daarin geslaag om die intervarsities teen Kovsies en die Oxford-Cambridge-span te wen, maar het teen Tukkies en Maties verloor.[41]


Met die aanvang van die 1952-seisoen is vier o/19-spanne in die veld gestoot. Agt spelers is boonop in die Wes-Transvaalspan (na 1994 die Luiperds) ingesluit. Die eerste span van die PUK het die opgewondenheid oor hierdie prestasie so ietwat gedemp toe hulle die intervarsities teen sowel Tukkies as Kovsies verloor het.[42] Die PUK-rugbyklub was nietemin in die daaropvolgende jare steeds 'n bestendige en uiters belangrike voedingsbron vir Wes-Transvaalspanne.[43] In 1953 het die Rugbyvoetbalklub met groot entoesiasme die nuwe rugbyvelde waarna lank uitgesien is, in gebruik geneem. Vir die eerste keer in die geskiedenis is ses spanne in die veld gestoot: Theos (eerste span), Navy



Die presterende o/19A-span, 1953:
Heelagter v.l.n.r. Hekkie Harmse, Mos Venter. Sittende v.l.n.r. Abie Pelser, dr. I. Fourie (Voors.), Dick Putter (Kaptein), mnr. D.P. Erasmus (Breier), Dewey de Wet, Billy Duvenhage.
Derde ry v.l.n.r. Pieter Thiel, Casper Lessing, Daantjie Coetzee, Stoffel de Beer, Christo Steyn, Wynand Putter agter (v.l.n.r.): Wimpie van der Ahee, Swanie Swanepoel, Ferdie van Zyl, Tjaart van der Walt, Nocko Fourie
(Bron:* Die Besembos*, 27, 1953, p. 86.)

(tweede span), Fires (derde span), Tekkies (vierde span), o/19A en o/19 B. Vyf klublede (O. Rautenbach, D. Putter, B. Brink, P. Pienaar en W.F. Steenkamp) het ook die prestasie behaal om vir die Noordelike Universiteitespan teen die besoekende Wallabies uit te draf. Die o/19A-span was egter die spogspan van die jaar, aangesien hulle die liga gewen het en meer as die helfte van die spanlede in die Wes-Transvaalse o/19-span ingesluit is.[44] In die daaropvolgende 1954-seisoen het die eerste span teen vier universiteite meegeding, maar kon hulle slegs daarin slaag om Wits die loef af te steek. Elf lede van dié besondere span het wel die prestasie behaal om vir die Transvaalse Universiteitespan gekies te word.

Gedurende die jaar is suksesvolle toer na die Westelike Provinsie en Boland onderneem.[45] Die neerlae tydens die intervarsities met Kovsies in onderskeidelik 1955 en 1956 is behoorlik gewreek deur die oorwinnings van die eerste, tweede en derde span. Daarbenewens is D. Putter, J.C. Strydom en J.J.A. Steenkamp ingesluit in die Transvaalse Universiteite-span, terwyl J.C. Strydom ook die eer te beurt geval het om in 1955 vir die Uniale Studentespan verkies te word [46] Die o/19-span het in 1956 in hulle liga skoonskip gemaak, en nege spelers is ingesluit in die





Haarsny- 'n tipiese "gewoonte" voor intervarsity (Bron: PUK-Argief)




Stoney Steenkamp, kaptein van die Noordelike Universiteitespan, 1956 (Bron: PUK-Argief)

Wes-Transvaalspan. N.J. Fourie, N.J.S. de Lange, H. Bekker, C. Harrington en "Lang Stoney" Steenkamp (laasgenoemde as kaptein) is vir die Noordelike Universiteitespan verkies. De Lange en Steenkamp, laasgenoemde as onderkaptein, het die PUK se naam ook hoog gehou met hulle insluiting in die Suid-Afrikaanse Universiteitespan.[47] Die 1957-seisoen roep minder aangename herinneringe op. Die geesdrif om te wen, veral onder die laer spanne, het teleurstellend afgeneem. Theos kon wel spog met oorwinnings oor Wits en die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK), terwyl sewe spelers Wes-Transvaalkleure verwerf het.[48] Ses spanne het gedurende 1958 aan ligas deelgeneem en 'n geslaagde toer is ook na Noord-Transvaal onderneem.[49] Theos het in die 1959-seisoen aansienlik beter gevaar. Behalwe dat hulle die oorwinnaars in die liga was, het hulle die gesogte Neserbeker verower. Die o/19-span het ook met die louere in hulle liga weggestap.[50] Tydens die 1960-seisoen het die Rugbyvoetbalklub nog 'n nuwe veld in gebruik geneem.[51] Vyf spanne het aan die liga deelgeneem en 'n geslaagde toer is na die Oostelike Provinsie en Natal onderneem – vyf wedstryde is gespeel, waarvan een verloor is. Twee spelers, naamlik P.W. Steinberg en F.R.P. de Bruyn is gekies om vir die Noordelike Universiteitespan teen die All Blacks uit te draf.[52]

Gedurende die 1961-seisoen het die Rugbyvoetbalklub vir die eerste keer met agt spanne aan die liga deelgeneem. Oor die algemeen het die spanne gedurende hierdie seisoen swakkerig gevaar in die liga, maar die verskeie intervarsity-oorwinnings het ruimskoots daarvoor vergoed.[53] Dat die intervarsity teen veral Kovsies hoog aangeslaan is, blyk duidelik uit die rektorsverslag van dié jaar: "Die jaarlikse Intervarsity, die keer op Potchefstroom, … was ongetwyfeld die gebeurtenis van die jaar: twee wedywerende, saamtrekkende Afrikaanse inrigtings!" [54]

Tydens die vriendskaplike wedstryd teen YSKOR in 1962 is 'n nuwe trui met trots deur die PUK-rugbyvoetbalklub in gebruik geneem. 'n Toergroep van 23 spelers het vyf wedstryde gedurende Juliemaand in die Westelike Provinsie, Natal en Boland gespeel. Jaap Badenhorst en Koos du Plooy het vir die Noordelike Universiteitespan opgedraf, terwyl Hennie Badenhorst ingesluit is in die SAU-span (Swartwitpense), wat tydens die Julie-vakansie in Rhodesië (Zimbabwe) getoer het.[55]

Die PUK-rugbyvoetbalklub het in 1963 'n verdere insinking in sy prestasies beleef. Daar is gevoel dat die voorbereiding van spanne erg belemmer is deur die swak bywoning van oefeninge. Hierdie laksheid het ook deurgesuur na die eerste span, want teen sowel die POK as die Kovsies het hulle die onderspit gedelf. Ligpunte was egter die geslaagde toer na die Noordoos-Kaap waartydens vier van die vyf wedstryde gewen is en P.W. Bingle in die Noordelike Universiteitespan ingesluit is.[56]



F.R.P. de Bruyn (Bron: PUK-Argief)

Teen die middel van die sestigerjare het die maer jare vir PUK-rugby voortgeduur. Twee oortuigende oorwinnings is in 1965 deur die POK oor die eerste span van die PUK behaal. In 'n titaniese stryd teen die Kovsies tydens die intervarsity kon 'n gelykop-uitslag darem behaal word. Die o/20-span kon egter met ten minste 'n onoorwonne rekord spog en het as wenners van die Wes-Transvaalliga uit die stryd getree.[57]

PUK-rugby het in 1966 uit die as van laagtepunte van die voorafgaande jare opgestaan toe drie Pukke, naamlik I. Joubert, J. Schutte en K. du Plooy in die SAU-span ingesluit





Van die "ou" trui... na die nuwe... na 1961
(Bron: PUK-Rugby-J.H. van Zyl, 1906-1989, PUK-Rugby Instituut)



Die 1971-spogspan wat die Ted Sceales-trofee en vele ander trofees verower het.
Voor: Jannie Barnard, Charles Venter.
Sittende: Prof. Hennie Coetzee (President), Hennie Coetzee, prof. H.J.J. Bingle (Rektor), Jim van Rensburg (Kaptein), prof. S.P. van der Walt (Voorsitter).
Derde ry: Mnr. Christo Holtzhausen (Afrigter), Gerhard Botha, James Stoffberg, Andries Coetzer, mnr. Piet Malan (Sportdirekteur), Piet Brand, Bernard Bernardo, Hans van Zyl (Sekretaris).
Agter: Eugéne van Wyk, Schutte, Ferdi Postma, Tiny van Eck, Johan Steyn, Piet Roodt, Dinky Müller, Schalk van der Merwe
(Bron: PUK-Argief en J.H. van Zyl, PUK-Rugby, 1906-1989, p. 101)

is. Nie minder nie as twaalf lede is gekies om vir die o/20-span van Wes-Transvaal uit te draf en die juniors was ook die medewenners van die liga. Seker die mees opspraakwekkende prestasie in rugbygeledere vir die jaar was dat die PUK uiteindelik weer 'n intervarsity teen die Kovsies gewen (8-3) het. Die POK moes ook die knie voor Theos buig.[58]

Gedurende die volgende seisoen het vyf klublede die Senior Wes-Transvaal A-span gehaal, terwyl die juniors weer twaalf Wes-Transvalerspelers opgelewer het.[59] In 1968 is T.G. Kruger, I. Joubert en P. Brand in die Noordelike Universiteitespan ingesluit.[60] Drie jaar later, in 1971, het Eugene van Wyk en Bernard Bernardo ook die voorreg gehad om vir die Noordelike Universiteitespan uit te draf.[61] Die volgende jaar het P. Brand, E. van Wyk, G. Botha en S. Schutte ook vir die Noordelike Universiteitespan gespeel.[62] Wat rugby betref, is die SSB-era afgesluit met twee besondere hoogtepunte. Die eerste span het daarin geslaag om die 1971-intervarsity teen Kovsies met 12-9 te wen, asook die Ted Sceales-trofee as SAU-kampioene in 1973 te verower, nadat Tukkies met 23-20 op Olënpark verslaan is. Hierdie oorwinnings kan waarskynlik bestempel word as van die mees onvergeetlike hoogtepunte in die rugbygeskiedenis van die PUK.[63] Dié oorwinnings word byvoorbeeld só deur die SSB-voorsitter verwoord: "Op 'n reënerige dag vermag die Theos die 'onmoontlike' (?) en verower die Ted Sceales trofee van Tukkies."[64]

- ***Dameshokkie***

Dameshokkie het sedert die vyftiger- en sestigerjare ontwikkel tot een van die prominentste sportsoorte aan die PU vir CHO. Reeds in 1951 het die eerste span vir opwinding gesorg toe hulle deurgedring het na die eindronde van die eerste liga.[65] In die daaropvolgende jaar is uitstekend gevaar in die plaaslike liga, maar die spreekwoordelike kersie op die koek was 'n 4-1-oorwinning oor Tukkies tydens intervarsity. Waardevolle ondervinding is opgedoen tydens die SAU-toernooi te Grahamstad. Daarby het S. van Schouwenburg Wes-Transvaalkleure verwerf.[66] Na Van Schouwenburg se prestasie het die verwerwing van hokkiekleure byna praktyk geword onder die dames van die PUK-hokkieklub. In 1954 byvoorbeeld het sewe dames Wes-Transvaalkleure verwerf.[67] Twee ligaspanne is in 1955 ingeskryf. Weer was dit Van Schouwenburg wat presteer het en sy het ook die prestasie behaal om



Die hokkiester, Selma van Schouwenburg, 1952
(Bron: PUK-Argief {Beyers Claassen Fotograwe})



Alberta Howell (later Viljoen), lid van die Protea hokkiespan, 1959, 1961 (Bron: PUK-Argief)

as onderkapteine van die Wes-Transvaalspan aangewys te word.[68] Die jare 1956 en 1957 het nie veel hoogtepunte opgelewer nie en die tweede span moes selfs weens 'n gebrek aan belangstelling in 1957 aan die liga onttrek. As 'n uitnemende pluspunt (moontlike troospunt) is darem gesê dat daar 'n "aangename spangees onder die klompie bittereinders" was.[69] In kontras met veral die vorige twee seisoene het die eerste span in 1959 elf van die 14 ligawedstryde gewen, ten spyte van die behoefte aan nog 'n hokkieveld. Die Klub het ook, na 'n onderbreking van 'n klompie jare, weer aan die SAU-toernooi deelgeneem waar hulle veral uitgesonder is vir die goeie vordering wat gemaak is. 'n Begeesterde eerste span kon in 1958 daarin slaag om teen die besondere sterk Kovsiespan gelykop te speel.[70] Twee dames het in 1959 Wes-Transvaalkleure verwerf, terwyl A. Howell die pragprestasie behaal het om verkies te word vir die Proteaspan (Suid-Afrikaanse Universiteite), wat teen die einde van 1959 in Kenia deelgeneem het.[71] In die 1960-hokkieverslag staan die volgende "trotse" inskrywing: "Die Dameshokkieklub was vanjaar verantwoordelik daarvoor dat die naam van ons Universiteit op almal se lippe was." So was dit ook. Die eerste span kon daarin slaag om die SAU-toernooi te wen en A. Howell, R. Bierman sowel as A. Viljoen is gekies vir die SAU-span. Genoemde prestasies was inderdaad die beste van al die SSB-klubs.[72]

Hierdie opwaartse prestasiekurwe is vir die volgende aantal jare voortgesit. So byvoorbeeld het die eerste span in 1961 die tweede plek gedeel met die Universiteit van Natal tydens die SAU-toernooi en A. Howell sowel as R. Bierman het ook die Proteaspan gehaal. Die Klub is dus met reg as die trots van die SSB beskou. Gedurende die SAU-toernooi van 1962 is die derde plek verower en die intervarsity teen Kovsies is ook gewen. As voedingsbron van die Wes-Transvaalspan het die PUK-hokkieklub 'n merkwaardige bydrae



R. Bierman (later van Zijl) as lid van die Protea-hokkiespan, 1965
v.l.n.r. Everlie Warren, Ann Osborne, Lauretta Maree, Thelma Martin, Ursula Fairburn, Marlene Fick, Peg Pantelow (Bestuurder/Afrigter), Val Thompson, Jean Louden, Cathy Beukes, Denise Hellman, Angela Harrison (O-kapt), Rita Hoon, Audrey Laidlaw (Kapt.), Rina van Zijl
(Bron: Rina van Zijl)

gelewer deur feitlik jaarliks hokkielede te hê wat Wes-Transvaalkleure verwerf het. Daarbenewens het A. Howell nog eens (1963) die SAU-span gehaal.[73]

Vergeleke met al die voorafgaande jare se sukses was 'n afwaartse prestasielyn vir PUK-hokkie in die toernooie van die sewentigerjare te bespeur.[74] Gedurende die 1975-toernooi kon die eerste span darem daarin slaag om een wedstryd te wen en 'n gelykopuitslag te behaal.[75] Waar Dameshokkie dus vir jare die trots van die SSB was, was dié sportsoort teen die vooraand van die ingebruikneming van die Sportburo op sy knieë.

- ***Krieket***

In teenstelling met die Hokkieklub, het die PUK-krieketklub gedurende 1951 beperkte sukses behaal. Nogtans het groeiende entoesiasme daartoe bygedra dat twee spanne in die veld gestoot kon word.[76] In die daaropvolgende seisoen het albei spanne redelik in die liga gevaar, ondanks die versugting dat die krieketveld "veel te wense" oorlaat. Na die SAU-toernooi in Desember 1952 is H. Muller ingesluit in die SAU-span. Hy het ook daarin geslaag om Junior Transvaalse, Transvaalse en Wes-Transvaalse kleure te verwerf.[77]

In 1953 is verdere individuele krieketprestasies aangeteken toe O. Nel die Noordelike Universiteitespan gehaal het, terwyl B. Firth en B. Potgieter Wes-Transvaalkleure verwerf het.[78] Gewis 'n maatstaf vir groei in 'n sportsoort was die jaarlikse SAU-kragmetings.



S.J.H. Muller as lid van die SAU-krieketspan, 1952 (Bron: Die Besembos, (26), 1952, p. 75)

Die deelname aan die SAU-toernooi te Pietermaritzburg gedurende 1955 het goeie resultate opgelewer. Verder het twee spanlede die Wes-Transvaalspan gehaal, terwyl vyf ingesluit is in die Potchefstroomspan.[79] Gedurende 1956 het die PUK-krieketklub vir die eerste keer in sy bestaan oor twee "gereelde spanne" beskik om aan die plaaslike liga deel te neem. Die eerste span kon ook daarin slaag om 'n puik oorwinning oor Kovsies te behaal tydens die jaarlikse SAU-toernooi wat gedurende Desember 1956 te Potchefstroom aangebied is.[80] 'n "Ongekende belangstelling" het gedurende die volgende seisoen geheers en goeie prestasie het gevolglik nie uitgebly nie. B. Potgieter het vir die Noordelike Universiteite A gespeel, terwyl twee klublede vir die B-span op die veld gedraf het.[81] In 1957 het die eerste span die plaaslike liga gewen, ten spyte van gebrekkige belangstelling en afrigtersprobleme.[82] Ondanks 'n voortgesette kommerwekkende daling in belangstelling gedurende die 1958-1959-krieketseisoen is alle wedstryde teen plaaslike klubs gewen. Rooiligte het egter vir die Klubbestuur geflikker, aangesien die kwynende belangstelling die versoek vir nuwe krieketveld in die wiele sou kon ry.[83] Dit blyk dat heelwat moeite gedoen is om spelers te werf, want teen die aanvang van die 1959-1960-seisoen het belangstelling weer opgeflikker.[84] Drie uit vier wedstryde is gedurende die 1960-1961-seisoen gewen en die eerste span kon boonop daarin slaag om Tukkies tydens die SAU-toernooi die loef af te steek. Die aanlê van 'n nuwe krieketveld op die Oude Molen-terrein was 'n besondere aansporing "vir die klub wat so goed herstel het van feitelike ondergang".[85] Die opwaartse prestasiekurwe het in die volgende seisoene voortgeduur en



B. Potgieter as lid van die Noordelike Universiteite-krieketspan, 1956 (Bron: Die Besembos, *38, 1956, p. 121)*

die belangstelling was soms so groot dat die tweede span teen die derde span gespeel het.[86] Gedurende die 1962-1963-seisoen het H. Bouwer die prestasie behaal om vir die Protea (SAU) B-span gekies te word.[87] Desember 1963 was 'n besondere jaar vir PUK-krieket toe die Klub die jaarlikse SAU-toernooi in Potchefstroom aangebied het. Hiertydens het die adrenalienvlakke so hoog gestyg dat die eerste span 'n oorwinning oor die Kovsies kon behaal, sowel as 'n gelykopuitslag teen Tukkies. H. Bouwer is gedurende 1963-1964-seisoen weer eens vir die Protea B-span gekies[88] en Pat Wienand het dieselfde prestasie gedurende die volgende seisoen behaal.[89]

Ondanks die opflikkerings en die volgehoue individuele prestasies het PUK-krieket in spanverband maar weinig prestasies in die paar jaar na 1963 binne die liga getoon.[90] Rodney Cass, 'n Engelse beroepsafrigter, is gedurende die 1966-1967-seisoen ingespan om die span se tegniek reg te skaaf.[91] Hierdie stap het reeds in 1968 vrugte afgewerp. In die plaaslike liga is veel beter presteer en het die PUK tweede geëindig met Western Reefs in die eerste plek. In die PU-Kaner is tereg berig: "Beste krieket ooit aan Universiteit".[92] Ook die 1968-1969-seisoen het onder die besielende afrigting van Cass verskeie hoogtepunte opgelewer. Só byvoorbeeld is Kovsies die loef afgesteek[93], teen Weermag is een van die hoogste tellings (305 vir 7 paaltjies) in lang tyd in Wes-Transvaal behaal[94] en die eerste span is tydens die SAU-toernooi te Bloemfontein aangewys as die span wat die beste vordering gemaak het. Jan Verwey het dan ook die SAU-span gehaal.[95] Cass is gedurende die 1969-1970-seisoen opgevolg deur Richard Langridge, 'n voormalige openingskolwer van Sussex en MCC-speler (Engelse nasionale krieketspan) as amptelike PUK-krieketafrigter. Die eerste span het onder sy leiding verder in die plaaslike liga presteer (eerste in die Saterdag-liga en derde in die gesamentlike liga),[96] die mini-krieketintervarsity teen Kovsies gewen,[97] asook opgeval tydens die SAU-toernooi.



***H. Bouwer (1963-1964) as lid van die Protea (SAU) B-krieketspan (Bron:* Die Besembos, *73, 1963, p. 69)**

Uitmuntende prestasies van die PUK-krieketspan tydens die vermelde SAU-toernooi was onder meer die volgende: Jos Coetzee is aangewys as die beste kolwer ('n kolfgemiddeld van 105), die eerste span het die tweede plek in die B-afdeling behaal, drie Pukke is gekies vir die SAU B-span (Jos Coetzee, Anton Welman en Sias Willemse), Sias Willemse het die beste individuele boulontleding (8 paaltjies vir 12 lopies) behaal en die eerste span die hoogste spantelling (193 vir 5 teen RAU). Ook het die PUK die beste gemiddelde per beurt van 147 lopies behaal. Daarbenewens het die Pukke die Kovsies uitgehaal vir die laagste telling op die toernooi, naamlik 34 lopies.[98]

Vir die eerste helfte van die sewentigerjare het PUK-krieket van krag tot krag gegaan. In Desember 1970 het die eerste span die B-afdeling van die SAU-toernooi gewen om sodoende die Tobie Louw-trofee te verower. In die proses is die Kovsies nogeens vir 'n skamele 20 lopies binne 45 min uitgehaal. Boonop het Nico Breed en André Laas die SAU B-span gehaal.[99] Wat die plaaslike liga betref, het die eerste span vir die eerste keer in 66 jaar daarin geslaag om die Scorgie-beker te verower.[100] Dié uitmuntende prestasie is gedurende die 1972-1973-[101] én 1974-1975-seisoen herhaal.[102]

'n Nuwe dekade, gekenmerk deur die ongekende groei van studentegetalle aan die PUK sowel as die groter wordende vereistes binne die sportkultuur, het beslis nuwe eise aan die sportbestuurstruktuur gestel. Daarop is die Sentralesportbestuur gehergroepeer om as die Sportburo te funksioneer.



Die presterende eerste span van die PUK-krieketklub, 1968-1969-seisoen: voor Harry Meadon, Jan Kruger, Jos Coetzee (Kapt.), William Cook, Pierre Pretorius.
Agter: Johan Dreyer, Jan-At Kruger, Eugene Kruger, Frans Nel, Hennie van Vuuren, Christo van der Walt
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})



Die PUK-krieketspan wat die Scorgie-beker verower het, 1972
Agter: J. Nel, E. Van wyk, P. Loots, C. Cilliers, N. Breedt
Middel: H. Kingston, H. Van Vuuren, K. Van Heerden, S. Willemse, O. Chisholm, M. Van Zyl
Voor: B. Van den Berg(klubkaptein), J.H. Kruger (Voorsitter), C. van der Walt (Kaptein), prof J.P. van der Walt (President), F. Nel, P. Brand (Sekretaris) Afwesig: Mnre A. Laas, A. Welman en P. Schlebusch
(Bron: PUK-Argief)


- ***Die Sportburo aan die roer van sake, 1976-1989***

- *Die samestelling en funksionering van die Sportburo*

Wat die struktuur van die Sportburo veral anders as sy voorganger gemaak het, was die samewerking wat met die Sportraad en die Koshuissportraad gevestig is. Al drie liggame het saamgewerk om sportbedrywighede op die Kampus te reël en te koördineer.[103] Die Sportraad en die Koshuissportraad het bestaan uit studenteverteenwoordigers en het die ruggraat van die studentesport gevorm. Huiskomiteelede belas met sport was verantwoordelik vir die nodige kontak tussen die Sportraad en die studentemassa.[104]

Die funksionering van die Sportraad en Koshuisportraad het mettertyd egter ondoeltreffend geword, onder meer weens die gebrek aan kontinuïteit. Omdat die Sportraad ook nie oor die nodige geriewe beskik het om 'n vaartbelynde administrasiestelsel in stand te hou nie en vergaderings nie na wense bygewoon is nie, is die goed bedoelde struktuur vir 'n tyd lank gekortwiek. Die kommunikasie tussen die Sportburo en Koshuissportraad is egter geleidelik verbeter.[105]

Die Beheerkomitee van die Sportburo, bestaande uit veertien lede en verteenwoordigers van die Sportraad, het die sportsake van die Universiteit oorkoepelend bestuur. Professor J.T. Claassen het as Voorsitter (en vanaf 1979 as Uitvoerende Voorsitter en President) van die Beheerkomitee opgetree met mnr. P. Malan as Sportdirekteur.[106] Teen 1987 is die postestruktuur binne die Sportburo, vanweë die kompleksiteit en professionaliteit wat sportbeoefening aangeneem het, verder verfyn met die aanstelling van 'n bykomende adjunkdirekteur sowel as drie senior en twee junior sportbeamptes wat elkeen vir die organisering en koördinering van bepaalde sportsoorte verantwoordelik was.[107]



Prof. J.T. Claassen (Uitvoerende Voorsitter en President van die Sportburo), 1979-1989 (Bron: PUK-Argief)

- *Wroegings en welslae*

Met soveel prestasies op die sportfront aan die begin van die 1976-seisoen, het die gebrek aan genoegsame kompetisie in die Wes-Transvaalliga sommige sportsoorte tydens SAU-toernooie en intervarsities benadeel.[108] Die feit dat die eerste rugbyspan in 1985 vir die sesde agtereenvolgende jaar die Neserbeker verower het en die dameshokkiespan as geheel gedurende dieselfde jaar aangewys is as die Wes-Transvaalspan, het enersyds gedui op die effektiwiteit en welslae van die Sportburo. Andersyds het dit egter daarop gedui dat, anders as wat dit met ander universiteite die geval was, daar "nie altyd plaaslik die strawwe kompetisie ervaar [is] wat vir topspanprestasies noodsaaklik is nie".[109] Die feit dat die Wes-Transvaalse ligas oorheers is deur die sportspanne van die PUK blyk duidelik uit die 1986-statistiek: twaalf PUK-rugbyspelers in die Wes-Transvaal A-span; sewentien in die Wes-Transvaal o/20-span; twaalf krieketspelers in die Wes-Transvaalspan; agt dames in die Wes-Transvaal Binnenshuise Hokkiespan, die hele PUK-damesveldhokkiespan opgeneem in Wes-Transvaalspan; agt dames in die Wes-Transvaal o/21-hokkiespan en sewe dames in die Wes-Transvaalse Senior Netbalspan.[110]

Ondanks die swak kompetisie in die plaaslike ligas het die Pukke in sekere sportsoorte darem goed op SAU-vlak presteer. In 1979 byvoorbeeld het agt van die twaalf sportsoorte waarin op SAU-vlak meegeding is, onder die eerste vier plekke geëindig.[111] Die sportlui van die Universiteit het hulle ook deeglik laat geld op provinsiale én nasionale vlak soos wat duidelik blyk uit die volgende statistiek vir die die jare 1978 tot 1986:

1978: SAU (26); Wes-Transvaal (144); sewe Springbokke; nege Junior Springbokke[112]
1979: SAU (28); Wes-Transvaal (119); twee Springbokke[113]
1981: SAU (35); Wes-Transvaal (146); vier Junior Springbokke; twee Springbokke [114]
1983: ses Springbokke; vyf Junior Springbokke [115]
1984: Wes-Transvaal (155); drie Springbokke; drie Junior Springbokke [116]
1985: Vyf Springbokke; vier Junior Springbokke. [117]
1986: Drie Springbokke.[118]

(Kyk ook die Bylae vir presteerders)

- *Bemarking en werwing*

Die Sportburo het deur middel van kursusse en sportklinieke die sportdeskundigheid en beeld van die Universiteit landswyd en selfs tot in Namibië (Swakopmund) bemark.

Die nodige buitefondse is op hierdie manier geïn en dit het terselfdertyd ook gedien as 'n kragtige werwingsmeganisme van uitnemende sportlui. Só byvoorbeeld is 'n uiters geslaagde netbal-, dameshokkie- en rugbykursus gedurende April 1979 aangebied. Rugbykursusse het 19 hoërskole betrek, hokkie 16 hoërskole en netbal 21 hoërskole. Die kursusse en klinieke is op 'n gereelde basis gedurende die April-skoolvakansie aangebied. Veral die rugby- en dameshokkiekursusse was baie gewild – skoolkinders het letterlik daarheen gestroom.[119] Hierdie kursusse is weer gedurende April 1984 op 'n ewe suksesvolle wyse herhaal.[120]

'n Besonder belangrike taak van die Sportburo was om effektiewe afrigting te bevorder sodat die Universiteit mededingend op plaaslik en nasionale vlak kon wees. Vrywillige buiteafrigters het jaarliks minder geword en die Sportburo moes toenemend van betaalde kontrakafrigters gebruik maak. Só byvoorbeeld is gedurende 1979 van 15 en in 1981 van 20 kontrakafrigters gebruik gemaak.[121] In 1979 is D.J.J. de Vos aangestel as Adjunkdirekteur van die Sportburo belas met sportpromosies en fondswerwing en so is voorsien in 'n lang verwagte en groot behoefte.[122]

Gedurende dieselfde jaar is 'n goed beplande werwingstelsel in samewerking met die Departement Beplanning in werking gestel.[123] Fondswerwing en sportpromosie is egter ook bemoeilik vanweë die relatiewe isolasie van die Universiteit in die eertydse Wes-Transvaal. Die "groot koerante" het byvoorbeeld nie alle berigte geplaas wat aan hulle gestuur is nie en derhalwe moes sport hoofsaaklik deur middel van berigte in die plaaslike pers en studentepublikasies bevorder word. Dit het beperkend ingewerk op fondswerwingsveldtogte, terwyl jaarliks meer en meer op buitefondse staatgemaak is om sport te finansier.[124] Geleidelik is besef dat die Universiteit se geografies geïsoleerde plasing 'n hindernis is wat nooit werklik uitgewis sou kon word nie. Dit is egter ook besef dat soveel as moontlik werwing gedoen en fondsinsameling onderneem moes word om die maksimum sportgeleenthede te skep soos later ook na 1989 geblyk het.

Om massadeelname aan sport te bevorder het die Sportburo ook 'n oorkoepelende koshuisliga in 1978 ingestel. Dit het tot groter sportdeelname onder koshuisinwoners bygedra. Caput en Karlien was in 1978 onderskeidelik die manskoshuis- en dameskoshuiswenner.[125] Gedurende 1980 het 2 936 studente van 27 sportklubs aan sport deelgeneem – 'n gesonde 53% van die totale aantal studente![126]



Mnr. D.J.J. de Vos, oud-Springbokrugbyspeler, Adjunkdirekteur van die Sportburo belas met sportpromosies en fondswerwing, 1979 (Bron: PUK-Argief)

Die Sportburo het teen 1988 nie minder nie as 28 sportsoorte aangebied: karate, swem, gimnastiek, judo (aikido), kanovaart, korfbal, manshokkie, muurbal, duik, pluimbal, ringtennis, skerm, stoei, valskermspring, gholf, ontspanningsgimnastiek, tafeltennis, gewigoptel, toutrek, pistoolskiet, landloop, onderwaterhokkie, sokker, trampolien, skiet, netbal, skaak en trapkarresies.[127] Dameshokkie, atletiek, tennis, rugby, netbal en krieket, asook die werwing van sporttalent het egter voorkeurbehandeling geniet wat befondsing betref. Die fondse van die Sportburo was egter te beperk en daarom is genoemde ses sportsoorte geïdentifiseer as die beste belegging vir die PUK. Elkeen van die ses sportsoorte se prestasies sedert die Sportburo in 1976 gevestig is, word kortliks toegelig:

- *Atletiek*

Die PUK-atletiekklub het 'n leeue-aandeel in die atletiekprestasies van Wes-Transvaal gehad en die byeenkomste van die Wes-Transvaalliga is verskeie kere gewen.[128] Prestasies van nasionale en internasionale gehalte is ook gelewer en as voorbeelde word met die volgende uitslae volstaan:

1975-1976-seisoen: P. Goosen behaal tweede beste afstand (63,83 m) in Afrika in werpskyf; D. Malan stel 'n Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord (4,96 m) op in paalspring; T. van Wyk lê die 100 m in 9.9 sekondes af, en P. Meyer stel 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord in die 3 000 m-stap-item op (12 min. 07,6 sek.).[129]
1977-1978-seisoen: P. van Rensburg verwerf Springbokkleure en P. Goosen, P. Meyer, L. Liebenberg en A. Marais Junior Springbokkleure.[130]



Die PUK-atletiekspan as Dalrymple wenners in 1983 Voor: Cilliers Botha, Susan Lion-Cachet, Bertus de Klerk, dr. Koos Hugo (Spanbestuurder), Ludwig Myburgh (Kaptein), mnr. Jos Sirakis (Afrigter), Alison Colin (Kaptein), Herkie Coetzee, Nollie Meintjies. Middel: Sandra Terblanche, Hanlie Botha, Magriet Eigenhuis, Christa Botha, Annabel Koen, Marié du Toit, Kotie van der Merwe, Marlize Liebenberg, Leonie Louwrens, Tommie Ferreira. Agter: Marthinus Redelinghuys, Dries Vorster, Edwin Ludick, Adolf Claassens, Chris Diedericks, Willem Geyer, Alan Lion-Cachet, Carel Stadler, Anton Nel. Afwesig: Piet Goosen, Hansie Booysen, Alet Kieser, Don Havenga, Gerard Moerdyk, Johan de Jager, Hanlie van der Ahee.

1979-1980-seisoen: Suid-Afrikaanse rekords word opgestel deur E. van der Merwe in spiesgooi (54,06 m), D. Malan in paalspring (5,01 m) en J. van der Walt in o/19 110 m-hekkies (13,5 sek.).[131]
1984-1985-seisoen: L. Myburgh en S. Lion-Cachet verwerf Springbokkleure en S. van Heerden Junior Springbokkleure.[132] Die PUK-span was ook in 1983 die Dalrymiewenners:

- ***Hokkie***

Na 1976 was spesifiek die Dameshokkieklub een van die grootste sportklubs van die Universiteit. Teen 1979 het dié klub beskik oor twee PUK-spanne en vyftien koshuisspanne (sowat 210 spelers).[133] Op plaaslike ligavlak is vier spanne in 1980 vir die Wes-Transvaalliga ingeskryf, waarvan die eerste span in sy liga gewen het en die derde span tweede in hulle liga geëindig het.[134] Sewe jaar later het die getal hokkie-entoesiaste so aangegroei dat twaalf spanne uit nege koshuise in 1987 aan veldhokkie deelgeneem het en sestien spanne uit nege koshuise aan binnenshuise hokkie.[135] Dameshokkie het met die uitsondering van 1979 toe die eerste span derde[136] geëindig het, die Wes-Transvaalliga in die tagtigerjare totaal oorheers.[137] Wat Dameshokkie op nasionale vlak betref, was daar rede tot meer beskeidenheid. In 1977 het die Klub 'n geslaagde SAU-toernooi aangebied,[138] maar die klub het in die sesde plek uit tien universiteite geëindig.[139] Dameshokkie het veral sedert 1985 'n besondere bloeitydperk beleef. Dit was eers byna agt jaar later dat sake vir hulle op nasionale vlak meer belowend daar uitgesien het. Gedurende dié jaar het al ses amptelike spanne die intervarsity teen RAU gewen[140] en die hele PUK-dameshokkiespan is in die Wes-Transvaal A-span opgeneem.[141] In 1986 het die dameshokkiespan vir die eerste keer sedert 1960 daarin geslaag om die SAU-toernooi te wen.[142]

Die daaropvolgende jaar het ook gesorg vir verskeie hoogtepunte. Twee Pukke is ingesluit in die Springbok B-span en twee in die Suid-Afrikaanse o/21 A-span. Voorts het die eerste en tweede spanne ook met groot welslae aan die SAU-toernooi deelgeneem. Die eerste span het tweede, en die tweede span sesde uit 12 spanne geëindig. Die tweede span het veral baie goed presteer deur oorwinnings oor die eerste spanne van Tukkies en Kovsies te behaal. Ook het die tweede span gelykop gespeel teen die eerste spanne van Ma-ties en Wits.[143] In 1988 het die eerste span vir die derde keer in sy geskiedenis die SAU-toernooi gewen en is vyf spelers boonop in die SAU-span ingesluit.[144] Die beplande oprigting van 'n moderne astroturfbaan het ondertussen momentum begin kry (kyk 'n latere afdeling). Wat prestasies betref, het die nuwe millennium vir PUK-hokkie goed begin. Sowel die mans-



Die suksesvolle 1986-hokkiespan wat die SAU-hokkietoernooi weer na 26 jaar kon wen
Voor, v.l.n.r. I. Kruger, D. Snyman (Sportbeampte), L. van der Merwe (Kapteine), mnr. M. Gordon (Afrigter), S. Meiring
Middel: M. Peypers, S. Theron, L. van Rensburg, W. Benadé, E. Botha, A. Swarts, K. Watts, C. van Niekerk
Agter: E. van Rensburg, M. Labu-schagne, M. du Plessis
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

as dames-eerstespanne het goed in die Noordwesliga gevaar deur gedurende 2001 en 2003 eerste te eindig.[145]

- ***Netbal***

Sedert 1976 het die PUK-netbalklub die plaaslike Wes-Transvaalliga heeltemal oorheers[146]. Die uitsondering was in 1980 en 1981[147] toe die eerste span 'n tweede plek behaal het. Ook wat verteenwoordigers in die Wes-Transvaalspanne betref, het die netbalspelers van die PUK die septer geswaai. Só byvoorbeeld het twaalf spelers in 1976 Wes-Transvaalkleure behaal, sewe in 1979, ses in 1980 en vier in 1987.[148]

Die PUK-netbalspanne het ook redelik bestendig presteer tydens die jaarlikse SAU-toernooie. Vanaf 1976 het hulle posisie jaarliks tussen tweede en vierde gewissel.[149] B. Prinsloo is in 1977 in die finale Proteaspan opgeneem[150] en 'n paar netbalspelers het ook gedurende hierdie tydperk tot 1989 die SAU-span gehaal.[151] Gedurende die 1987-toernooi het die eerste span die beker verower vir die span wat die beste vordering toon en twee spelers het die SAU-span gehaal. Daarbenewens het E. Barnard uitsonderlik presteer toe sy ingesluit is in die Suid-Afrikaanse o/21-span.[152]

- ***Rugby***

Soos in die geval van die ander voorafgaande voorkeursportsoorte het Theos (PUK-eerstespanrugby) die plaaslike liga oorheers. Met die uitsondering van 1979 (vierde plek) het hulle sedert 1976 elke jaar die Neserbeker vir die beste senior rugbyspan in Wes-Transvaal verower.[153] Die inter-



Die o/20-PUK-rugbyspan,1989 wat 'n uitsonderlike goeie jaar beleef het (Bron: J.H. Van Zyl, PUK-Rugby, 1906-1989 p. 180)

varsity teen Kovsies is egter deur laasgenoemde oorheers en die eerste span kon slegs twee keer (1977 en 1983) gedurende die 1976 tot 1989-periode daarin slaag om te wen. In 1986 het hulle 'n gelykoptelling teen die Bloemfonteiners behaal. [154] Verskeie spelers het Wes-Transvaal-kleure verwerf. 'n Gemiddeld van sowat 11 spelers per jaar het sedert 1977 tot 1989 vir die Wes-Transvaalspan uitgedraf.[155] Gedurende 1986 het ses spelers die Noordelike Universiteitespan gehaal en in 1988 vier spelers.[156]

Naas die eerste span was die o/20-span vir jare die trots van die PUK-rugbyklub – plaaslik sowel as op nasionale vlak. Só byvoorbeeld het dié span gedurende 1978 alle wedstryde in die tweede liga gewen, die Krekeinsbeker vir die beste puntestand verower en was 15 spelers ingesluit in die Wes-Transvaalspan.[157] 'n Gemiddeld van 15 spelers het tussen 1987 en 1989 vir Wes-Transvaal gespeel.[158]

Op nasionale vlak het die o/20-span uitstekend gevaar in die SAU-toernooie. Na die verwerwing van die tweede plek in die toernooi in 1978 is twee spelers ingesluit in die SAU o/20-span en drie in die SAU o/19-span.[159] Daarna het die o/20's van krag tot krag gegaan en die besondere prestasie behaal om in 1986, 1987 en in 1989 as wenners uit die SAU-toernooi te tree. Verskeie spelers is ook gedurende hierdie jare in die SAU-span ingesluit. Die jaar 1989 was goue jaar vir die o/20's: die SAU-toernooi is gewen, vyf spelers is ingesluit in die SAU o/20-span en vier spelers is gekies om vir die SA o/20-span teen Paraguay te speel.[160] Anders as wat dit die geval was met hulle "ou-boete" het die jongspan uitstekend tydens inter-varsities gevaar. In byvoorbeeld 1979 en 1981 het hulle die spanne van Kovsies én RAU gewen.[161]

- ***Krieket***

Die PUK-eerstespankrieket het sedert sy opwaartse prestasiekurwe laat in die sestigerjare en na die hulp van buitelandse afrigters, ná 1976 net so goed gevaar. In die plaaslike liga is die Scorgiebeker gedurende die 1975-1976-seisoen, die 1977-1978-seisoen en vanaf 1983 tot 1989 verower. Gedurende die 1977-1978-seisoen was die eerste span 21 punte voor die naaste teenstanders – die beste telling nog ooit in daardie stadium. Verskeie spelers het daarin geslaag om Wes-Transvaalkleure te verwerf.[162]

Tydens SAU-toernooie het die PUK-krieketspanne oor die algemeen redelik presteer. In Desember 1984 het hulle die trofee ontvang vir die span wat die meeste verbeter het.[163]

- *Tennis*

Die tennisafrigter, Kenny Smith, was gedurende die vroeë sewentigerjare die krag agter die sukses van die PUK-tennisklub.[164] Veral die manspan het die Wes-Transvaalliga met die uitsondering van enkele jare oorheers. Die manspan het byvoorbeeld in 1975, 1976 en in 1977 die Wes-Transvaalliga gewen om daarmee die Republiekskild te verower. Verskeie spelers is ook in die Wes-Transvaalspanne ingesluit.[165] Tydens intervarsities en SAU-toernooie het die PUK-tennisspan bevredigend presteer. In die SAU-toernooi van 1989 het die PUK-tennisklub die uitsonderlike prestasie behaal om die nommer een dame- en manspeler, naamlik Cornell Pretorius en Christopher Haggart op te lewer.[166]

Met 'n verdere fase in die kompleks wordende sportbestuursbenadering het die Studentedekaan opdrag ontvang om die Sportburo vanaf die begin van die negentigerjare by te staan in die verbetering van veral die ses prioriteitsportsoorte.

• *Sportadministrasie vanuit die Studentedekaanskantoor, 1990-2003*


- *Algemene organisasie*

Die Sportburo het vanaf 1990 direk onder die jurisdiksie van die Studentedekaan, prof. J.G. Williams, geressorteer. Agt permanente personeellede en sewe tydelike studenteassistente onder leiding van dr. J.J. Hugo het die Buro beman. Mnr. Dirk de Vos is bevorder tot die Hoof van Sportontwikkeling, maar was ook steeds belas met take wat in verband gestaan het met die werwing van talentvolle sportlui en met fondsinsameling.[167] Uitgebreide spesialisasie het vir verdere bestuursaanstellings gevra. Teen 2003 was die Sportburo stewig gevestig en is die permanente personeelkorps uitgebrei tot 15 – elkeen met 'n besondere spesialiteitsveld binne die vernaamste sportsoorte.[168]

- *Werwing, buitekursusse en afrigting*

Vir baie jare moes werwing in hoofsaak deur personeel van die Sportburo hanteer word. Die Sportburo se prestasies is dikwels gekortwiek deur die feit dat ander universiteite soos byvoorbeeld die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Randse Afrikaanse Universiteit veel groter beurse vir studente aangebied het. Provinsiale sportliggame van die eertydse Transvaal en Noord-Transvaal het ook mettertyd verantwoordelikheid geneem vir sportbeurse aan voornemende studente. Veral op die gebied van rugby is enorme beurse aan talentvolle spelers aangebied.[169] Die Sportburo was dus in 'n heel ongunstige posisie en kon nie kompeteer met sodanige werwingsaksies nie.

Beamptes van die Sportburo het jaarliks landswyd 'n verskeidenheid kursusse aangebied om fondse te in. Op hierdie wyse is sukses behaal en dit was ook 'n kragtige werwingsmeganisme. Gedurende 2000 het personeel van die Sportburo byvoorbeeld landswyd 54 kursusse aangebied, waartydens nie minder nie as 4 600 leerlinge betrek is. Hierdie gulde geleenthede is deeglik deur die betrokkenes benut om talentvolle sportlui na die Universiteit te trek.[170] Afrigting plaaslik en die aanbieding van kursusse landswyd is op 'n meer wetenskaplike grondslag geplaas deur die instelling van die Hokkie- en die Rugby-akademie. Dié twee belangrike sportontwikkelingsinstansies het in 1998 tot stand gekom. Die doelstellings was om albei hierdie instansies egter 'n akademiese basis te gee. Terselfdertyd moes hulle ook funksioneer in noue samewerking met die provinsiale beheerliggame en moes gekonsentreer word op alle aspekte van sportontwikkeling.[171] Die groot vraag was egter of die bestaande sportfasiliteite reg aan hierdie sportontwikkelingsinstansies kon laat geskied.





'n Tipiese gesig voor en tydens die aanloop tot 'n intervarsity (Bron: PUK-Argief {Maclez Studios})

- *Sportfasiliteite*

Noodkreet wat tot in die negentigerjare nog in sportverslae opgeklink het, was die beperkte sportfasiliteite. Jaarliks is gepleit vir veral die oprigting van 'n rugbystadion en 'n astroturfhokkiebaan. In die 1995-verslag is beweer dat PUK-sport in 'n krisis verkeer, "en wel 'n krisis van fasiliteite". Fasiliteite vir die prioriteitsportsoorte het so vervalle geraak of ontoereikend geword dat dr. Hugo (Direkteur van die Sportburo) van mening was "dat die besluit om af te skaal na blote rekreatiewe beoefening nou baie naby is". PUK-sport was besig om sy mededingendheid en aantreklikheid te verloor weens 'n gebrek aan behoorlike sportfasiliteite.[172] Op die talle pleidooie is ag geslaan, waarop Hugo in 1999 gereageer het deur die opgradering te beskryf as "die mees verbeeldingryke opgradering van sportfasiliteite" aan die Universiteit sedert die 1974-ingebruikneming van die Fanie du Toit-sportterrein.

Met die aanbring van die astroturfhokkievelde op die ou PUK-velde en 'n rugbypaviljoen op die Fanie du Toit-sportterrein[173] is 'n jarelange droom van die Sportburo verwesenlik. Dit was veral die nuwe hokkievelde wat die entoesiasme van menige talentvolle hokkiespeelster aangewakker het. Die PUK is vandag (2004) waarskynlik dié hokkie-mekka vir dames in Suid-Afrika.[174]

- *Buitefondse, studentedeelname en buiteafrigters*

Deurlopende probleem waarmee die personeel van die Sportburo moes worstel, was die tekort aan fondse. Die Rugbyklub moes byvoorbeeld in 1992 met 'n begroting van R20 000 oorleef. Om te "oorleef" sonder om te stagneer, is baie tyd en moeite aan fondswerwing bestee.[175] Die Sportburo het teen 1994 as saambreelorganisasie gedien vir sowat 30 sportsoorte, onder meer atletiek, gholf, hokkie, gimnastiek, karate, korfbal, krieket, kanovaart, onderwaterhokkie, pluimbal, netbal, rugby, skerm, swem, sokker, stoei, tennis, trapkarresies, tweekamp, tafeltennis en vlugbal. Ook die hantering van sporttrauma is 'n bykomende faset wat deur die Sportburo moontlik gemaak is. 'n Totaal van 1 260 studente het in hierdie stadium sport beoefen in die amptelike spanne van die Universiteit, terwyl 1 576 studente aan koshuissport en 2 700 aan sport vir rekreatiewe doeleindes deelgeneem het.[176] Teen 1999 het die studentegetalle wat aan sport deelgeneem het, só gelyk: rekreatiewe sport 4 330, koshuissport 2 400 en kompetisiesport 1 424 studente.[177] Fondse was dus steeds nodig om te verseker dat alle sportsoorte gelykwaardige aandag en ontwikkeling kry.



Die opening van die Hokkie-akademie, 1998: v.l.n.r. Dr. Rina van Zijl, mev Claire Dickby, mnr Dundee Ntsoelengoe, prof. Albert Viljoen, dr. Koos Hugo, Mickey Gordon (Bron: PUK-Argief {Maclez Studios})


In samewerking met die Departement Openbare Betrekkinge het die Sportburo gedurende hierdie jaar die enorme bedrag van R1 826 512,00 by buite-instansies ingesamel.[178] Teen 2000 is nog steeds swaar gesteun op buitefondse en die eise van fondsinsameling was net so veeleisend hoog. Die afskaffing van sommige sportsoorte is selfs oorweeg, sodat die oorblywendes meer suksesvol en kompeterend aangebied kon word.[179]

Om sportsoorte so te ontwikkel dat die PUK met gesag op plaaslike, nasionale en selfs internasionale vlak kon meeding en omdat die mannekrag van die Sportburo te beperk was om die sowat 30 sportsoorte af te rig, is van buiteafrigters en in sommige gevalle oorsese afrigters gebruik gemaak. In 1991 is 44 buiteafrigters ingespan, en teen 1999 sowat 64.[180] Afrigters met aansien het jong sporttalent na die PUK getrek.[181]

- ***Die status van die prioriteitsportsoorte na 1989***

Die Sportburo het na 1989 steeds by die ses sportsoorte gehou wat beskou is as die sogenaamde prioriteitsportsoorte, naamlik twee sportsoorte vir dames (dames-hokkie en netbal), twee sportsoorte vir mans (rugby en krieket) en twee sportsoorte vir albei geslagte (atletiek en tennis). Hierdie sportsoorte is beskou as van besondere belang om die werwing van studente en sporttalent aan te moedig – derhalwe die voorkeurbehandeling van sake soos beurstoekennings, afrigting, werwing en fasiliteite.[182] Hierdie voordeel het dan ook in die prestasies van elke sportsoort na 1989 geblyk.

Met die **Atletiekklub** het dit, op enkele uitsonderings na, gedurende die tydperk 1990 tot 2003 voor die wind gegaan. Gedurende die SAU-atletiekkampioenskap (1989-1990-seisoen) het die mans 'n derde en die dames 'n tweede plek verower. Die SA Junior-kampioenskappe het een goue en twee bronsmedaljes opgelewer, die SA o/21-kampioenskappe drie goue, vier silwer en drie bronsmedaljes en die SA Senior-kampioenskappe een goue, drie silwer en twee bronsmedaljes.[183] In 1994 het die PUK-atletiekspan (mans en dames) 'n uitstekende tweede plek gedurende die SASSU-toernooi behaal. Twee jaar later het die damesatletiekspan die landloop- en padwedloopitems van die SASSU-toernooi gewen en het die manspan en die damespan gesamentlik die eerste plek beklee. Die Atletiekklub (toe bekend as die Mr Price PUK-POK-atletiekklub en teen 2000 as Mr Price PUK-atletiekklub) was in 1997 weer eens die topklub van die Universiteit en die dames het die oorwigprestasie in die baan-, veld-, landloop- en padwedlope behou.[184] Marius Corbett het die uitsonderlike prestasie behaal om as die 1997-wêreldkampioen in spiesgooi aangewys te word.[185] In 1998 en 1999 was die PUK-atletiekspan die algehele wenners van die SASSU-toer-nooi.[186] Tussen die toppresteerders gedurende hierdie jare was ook 'n belowende oes spiesgooiers: Hardus Pienaar, Johan Vos-loo, Marius Corbett, Tanja Tesner, Sunette Viljoen, Gerbrand Grobler, Brian Erasmus, Kobus Smit en Johannes van Eck het die naam van die PUK help hooghou.[187]




Dr. Koos Hugo (Bron: PUK-Argief)

Die Rugbyklub het gedurende die studentedekaansperiode 'n opdraande stryd gevoer, en het – soos krieket – eers teen die einde van 1998 tot verhaal gekom. In 1990 het die eerste span wel daarin geslaag om die Presidentsliga te wen, maar die rugbyprestasies het oor die algemeen met rasse skrede agteruitgegaan. Om die probleem op te los, is 'n rugbybestuurder/-organiseerder aangestel.[188] Die neerlae teen die Kovsies sedert 1986 het voortgeduur. In skrille kontras daarmee kon die o/21-span feitlik jaarliks daarin slaag om in die plaaslike liga te wen en hulle het boonop veel beter as die senior spanne in die intervarsities met Kovsies gevaar. In 1997 is byvoorbeeld in die verslag van die Sportburo moedeloos opgemerk dat alle klubs, behalwe rugby, goed in die plaaslike ligas presteer het.

Swak prestasies is onder andere toegeskryf aan 'n gebrek aan voldoende fondse om die beste skolespelers te werf en en die feit dat die meeste rugbyspelers op 21-jarige ouderdom hulle studie voltooi. Beperkte werksgeleenthede in Potchefstroom is as 'n ander rede vir die swak prestasie voorgehou.[189] Talentvolle spelers moes gewoonlik na die voltooiing van hul kursus elders werkgeleenthede soek en kon dus nie meer as Klublede speel nie.

Die stigting van die Rugby-akademie en die sluit van 'n finansiële vennootskap met die privaat sektor sowel as die "oopstelling" van die Rugbyklub vir nie-studentespelers[190] het 'n ommekeer in die prestasies van die PUK-rugbyklub gebring. Só byvoorbeeld kon die eerste span in 2000 vir die eerste keer sedert 1983 'n intervarsity teen Kovsies wen. Binne die mededingende provinsiale



Presteerders uit 'n verskeidenheid van sportsoorte (Die Besembos, 2001, pp. 62-63)

ligas het die rugbyspanne ook van krag tot krag gegaan.[191] Met die ingang van die negentigerjare het die **Dameshokkieklub** steeds van krag tot krag gegaan, ten spyte van 'n paar terugslae op nasionale vlak. So byvoorbeeld wen hulle in 1990 in die plaaslike Wes-Transvaalliga, maar is minder suksesvol tydens die SAU-toernooi en die intervarsity met Kovsies. Die eerste span het tydens die SAU-toer-nooi maar 'n sesde plek behaal, wat die swakste was se-dert 1985.[192] Geleidelik het 'n opwaart-se prestasiekurwe weer duidelik geword sodat die PUK-Dameshokkieklub in 1994 'n uitstekende jaar beleef het. Nie alleen was hulle eerste in die Wes-Transvaalliga nie, maar is die eerste span ook as die topspan tydens die SASSU-toernooi aangewys. Sekerlik die kersie op die koek was in 1996 toe die eerste span as die Suid-Afrikaanse kampioenspan aangewys is en gedurende die volgende jaar vir die sewende keer in 11 jaar daarin geslaag het om die SASSU-toernooi te wen. Ook in die Noord-Transvaalliga het die eerste span uitstekend gevaar met 'n jaartotaal van 102 doele vir en ses teen.[193]


Vir die **Netbalklub** het 1990 een ligpunt gehad en dit is dat die eerste span darem vir die tweede agtereenvolgende jaar tweede in die Wes-Transvaalliga geëindig het. Om talentvolle spelers te werf is 'n georganiseerde werwingspoging van stapel gestuur. Vyf van die 28 gegradeerde Suid-Afrikaanse netbalspelers is op hierdie wyse in 1993-1994 deur die Klub gewerf. Hierdie poging het egter nog nie in 1993 nasionaal en plaaslik vrugte afgewerp nie. Vandaar dat 1994 deur die Sportburo beskou is as "'n krisisjaar" vir netbal wat as prioriteitsportsoort met 'n daadwerklike "regrukprogram"

PUK SE EIE KOERANT SEDERT 1946

Wapad

Jaargang 49 Nommer 6 Vrydag 19 Mei 1995

Puk word tien Bokke ryker



DIE Puk het die afgelope twee weke tien Springbokke ryker geword.

Monya Kriel (netbal)
- opgeneem in die SA 0/21 span wat aan die Afrika-toernooi wat in Gabarone in Botswana gaan deelneem. Monya was verlede jaar ook in die span wat aan die toetsreeks teen Nieu-Seeland deelgeneem het.

Elizabeth Akehurst (action kricket)
- gekies vir die SA mans en dames gemengde span.

Alta Verster (landloop)
- gekies vir die SA span vir die Wêreldtoernooi in Durheim, Engeland.

Hezekiël Sepeng (atletiek)
- gekies vir die SA span (800m) vir die toets teen Kenia en Italië.

Roux Meyer (varswaterhengel)
- gekies vir die SA varswaterhengel span wat binnekort teen Namibië gaan deelneem.

Jean Verster (landloop)
- gekies vir die SA span vir die Wêreldtoernooi in Durheim, Engeland.

Renier Landman (waterski)
- gekies vir die SA span.

Theo Preller (onderwaterhokkie)
- gekies vir die SA span wat in Nieu-Seeland gaan deelneem.

Mercia Coetzee (onderwaterhokkie)
- gekies vir die SA span wat in Nieu-Seeland gaan deelneem.


Carlien Cornelissen (atletiek)
- gekies vir die SA span (1 500m) vir die toets teen Kenia en Italië.

Besondere sportprestasies in 1995: Die Wapad berig van presterende Springbokke Monya Kriel (netbal), Elizabeth Akehurst (aksiekrieket), Alta Verster (landloop), Hezekiël Sepeng (atletiek), Roux Meyer (varswaterhengel), Jean Verster (landloop), Renier Landman (waterski), Theo Preller (onderwaterhokkie), Mercia Coetzee (onderwaterhokkie) en Carlien Cornelissen (atletiek) (Bron: Wapad, 19 Mei 1995, p. 1)

moes begin. Hierdie program het gewis dinge reggeruk - wat ook al ontbreek het - aangesien die eerste span die wenposisie in die Wes-Transvaalliga ingeneem het. Op nasionale vlak is 78% van die netbalkragmetings tydens die intervarsity teen Kovsies gewen.[194]

Die Australiese afrigter, Carol French, en die Australiese sportsielkundige, Steven Christensen, is ook ondertussen ingespan om die Netbalklub weer die nodige aansien en selfvertroue te gee. Onder hulle leiding het die Netbalklub in 1996 baie goed gevaar. In die plaaslike liga het hulle die eerste drie plekke in die A-liga en die eerste twee plekke in die B-liga ingeneem. Boonop is die C-liga ook gewen. In die SASSU-toernooi het dit ook baie beter met die eerste span gegaan toe hulle derde uit 16 universiteite geëindig het. Wat waarskynlik ook baie gehelp het, was die aktiewe wyse waarop in die koshuisliga meegeding is. Nie minder nie as 21 spanne het deelgeneem. Die Suid-Afrikaanse afrigter, Marlene Wagner, is in 1997 deur die PUK-netbalklub aangestel om die beoefe-ning van hierdie sportsoort verder te verfyn. Onder haar bekwame leiding het die eerste span in 1998 die intervarsity gewen en ook die uitsonderlike prestasie behaal deur die SASSU-toernooi te wen. Op hierdie prestasies is voortgebou toe die o/21-netbalspan van Noordwes, wat net uit PUK-spelers bestaan het, in 1999 die provinsiale kampioenskap gewen het.[195] Daarby het Elsjé Jordaan die uitmuntende prestasie behaal deur vir die Proteaspan gekies te word.[196]

Vir die **Tennisklub** as prioriteitsportsoort het die dekade van negentig op 'n redelik goeie noot begin toe die eerste manspan hul beste prestasie in daardie stadium gelewer het deur die vierde plek tydens die SAU-toernooi te behaal. Sowel die eerste man- as damespanne moes egter die knie buig tydens die intervarsity met Kovsies. Soos dikwels ook met sommige van die ander sportsoorte die geval was, was te min talentvolle spelers en nie genoeg lede 'n ander kopseer vir die Tennisklub. Danksy werwingsprobleme is die Klub gedurende 1994 tot 1996 uitgebou tot een van die drie sterkste studenteklubs in die land. PUK-tennis het die plaaslike liga ook heeltemal oorheers. 'n Derde plek is in die SAU-toernooi van 1996 verower.[197] Teen 1998 het die Tennisklub 'n prestasielaagtepunt beleef. Pogings is aangewend om logistieke en werwingsprobleme die hoof te bied, en hierdie pogings het in die daaropvolgende jaar dividende gelewer toe die heringestelde Noordelike Tersiêre Tennisliga wat bestaan uit 6 tersiêre opleidings-instansies (waaronder die RAU, Tukkies en die Universiteit van die Vrystaat) deur die PUK gewen is.[198] In die hieropvolgende jare het die PUK-tennisklub se prestasies wipplank gery tussen die eerste en derde plekke in 'n verskeidenheid toernooie. Riaan Venter was op hierdie stadium die afrigter. Onder sy leiding is moeite gedoen om meer fondse te bekom vir die aankope van basiese tennistoerusting en 'n opgradering van tennisfasiliteite wat teen 2003 nog "irritasies" tot gevolg gehad het.[199]



Marius Corbett, die PUK se wêreldkampioen in spiesgooi, 1997 (Bron: PUK-Argief)

Vir die **PUK-krieketklub** het 1990 op 'n hoë noot begin toe nege lede vir die Wes-Transvaalspan gekies is en sowel die PUK as IBBIES die plaaslike Wes-Transvaal-ligas gewen het. Gedurende die 1994-1995-seisoen is verdere vreugde beleef toe die Krieketklub die SAU-toernooi as onoorwonne span voltooi het en agt spelers vir die Wes-Transvaalspan gekies is. Vaughn Wandrag was in 1995 die eerste krieketspeler van die PUK wat vir die SAU-A-span verkies is.[200] In baie opsigte was hierdie jare se krieketprestasies ook te danke aan die entoesiasme en leiding van Mickey Gordon (Bestuurder) en André Laas (Afrigter).[201] Op nasionale vlak het die Klub, ondanks die dienste van 'n Britse professionele krieketafrigter gedurende die 1996-1997-seisoen, nie na wense presteer nie. Die teleurstellende prestasies het daartoe gelei dat indringend aandag gegee is aan die prestasieverbetering van die Krieketklub. 'n Langtermynplan is in werking gestel wat besondere dividende opgelewer het, aangesien die PUK-krieketklub vir die eerste keer sedert sy stigting in 2001 daarin kon slaag om die Klub-kampioenskappe en ook die SASSU-toernooi te wen.[202] So goed as wat dit toe gegaan het, so sukkelend was die stand van sake weer teen 2003. 'n Voltydse afrigterspos is beoog om "PUK-krieket weer sy regmatige plek op die PUK te besorg".[203]

Markgraaff: Red rugby, of PUK penarie?

YOLANDI LEWIS
Sportredaksie

'n AANBOD is aan André Markgraaff gemaak om 'n rugby instituut op die PUK te begin. Volgens vroeëre berigte uit **Wapad** se anonieme bronne is dit byna 'n uitgemaakte saak dat Markgraaff die aanbod aanvaar het. Daar word egter nog onderhandel oor wat die instituut sal behels en wat Markgraaff se betrokkenheid daarby sal wees. Die finansiële aspekte moet ook nog uitgestryk word. Onderhandelinge sal hierdie week hervat word. 'n Persverklaring sal op 17 November alle vrae uit die weg ruim.

Volgens uitlatings van Markgraaff lyk dit of die instituut gebaseer gaan word op die een in Australië wat doelgerigte beroepspelers kweek. Markgraaff het homself reeds verbind tot die stigting van só 'n akademie in Suid-Afrika en die PUK het hom nou die geleentheid gegee om werk daarvan te maak.

Markgraaff, 'n oud-PUK, mag dalk net nuwe lewe in die PUK se rugby blaas. Sy ervaring as nasionale en internasionale afrigter kan waardevolle ervaring vir die PUK bring. Markgraaff was die nasionale afrigter van die Springbokke en het groot verbeteringe in Griekwas se rugby teweeggebring deur sy betrokkendheid by dié Unie.

Volgens bronne is die instituut ook daarop gemik om meer mansstudente na die PUK te lok. Daar was al 'n geruime tyd bekommernis oor die verhouding van mans tot dames op kampus. Volgens onlangse statistiek is daar tans 2556 mans, teenoor 3310 dames op die Potchefstroom kampus. Daar is dus 754 meer dames op kampus.

Die stigting van 'n rugby akademie kan moontlik die oplossing wees om 'n meer eweredige verhouding tussen die geslagte daar te stel.

Rugby is ook deesdae 'n beroepsport van groot belang en die sogenaamde 'beroep' lewer selfs meer moontlikhede op as advokate en dokters. Dit is dus logies dat die sport meer gespesialiseerd sal raak en dat daar meer professionele opleiding sal moet plaasvind. Die PUK se MBW en Biokenetika Departement het klaar die nodige grondslag om by te dra tot die sukses van só 'n instituut.

Dis egter baie belangrik dat die Noordwes Rugby Unie (NWRU) en die instituut nou sal saamwerk om die geslaagdheid van laasgenoemde te verseker. Om rugbyspelers die nodige basis te gee om 'n professionele rugbyloopbaan te begin, is dit nodig dat 'n unie die idee sal steun.

Die finansiële sy van so 'n aanbod moet egter ook oorweeg word. Terwyl so 'n akademie studente na die PUK mag lok, moet die vraag ook afgevra word of ons as studente, veral ons beurse en lenings beïnvloed gaan word. Die instelling van so 'n rugby instituut gaan beslis geld kos en die aanvanklike sukses daarvan gaan die bestaansreg bepaal. Die PUK gaan dus 'n berekende risiko aan.

Die stig van so 'n instituut sal die gevolg hê dat die NWRU 'n direkte betrokkenheid daarby sal hê en die gevolg daarvan sal wees dat die Unie daardeur meer kompeterend aan die rugby-oorlog binne Suid-Afrika sal kan deelneem. Daar bestaan 'n mite dat die NWRU se finansiële toestand troebel is, hoewel Louis du Plessis, hoof uitvoerende beampte van NWRU, **Wapad** die versekering gegee het dat NWRU een van die enigste unies in die land wat sonder skuld is. Die instituut mag egter net dié inspuiting wees wat die NWRU nodig het, om uiteindelik ook 'n groot rolspeler in die Suid-Afrikaanse arena te word. Dit kan egter nie betwyfel word dat só 'n instituut baie voordele gaan inhou vir die PUK nie. Miskien sal ons dan weer vir die eerste keer sedert 1981 met die Kovsies kan afreken.



André Markgraaf, oud-PUKslot en -kaptein (1979-81).

IN HIERDIE UITGAWE

PUK + POK = ?.....2
Kortnuus.....3
Kampusmenings.....5
Briewe.....6
Kerke se menings.....7
Water(geweertjie)dag.....9

IN K&V HIERDIE WEEK:

Akker Binglesêr & Resensies


(Bron: Wapad, *29 Okt. 1999, p1)*

- *SASSU-prestasies*


'n Interessante tendens gedurende die periode 1989 tot 2003 was die sportprestasies van die dames teenoor dié van die mans.[204] Tydens SAU/SASSU-toernooie het die PUK-deelnemers hulle deeglik laat geld. Só was die PU vir CHO die enigste universiteit wat gedurende 1992 vier SAU-toernooie kon wen: landloop vir dames, karate, damesatletiek en gholf. Die PUK het in 'n byeenkoms van alle Suid-Afrikaanse universiteite en in die sportsoorte waaraan deelgeneem is, in dié jaar geëindig in die algehele derde plek en in 1993 in die algehele vierde plek. Van die 15 SAU-sportsoorte het die Pukke drie eerste, twee tweede en twee vierde plekke verower. In 1998 het die PUK vir die vierde agtereenvolgende jaar op SASSU-vlak die beste van alle tersiêre inrigtings gevaar. Die dames se prestasiepeil dié jaar was 'n uitmuntende 98%. In 1999 was die PUK egter vir die eerste keer in vier jaar nie die algehele wenner nie vanweë die swak prestasie van die manshokkiespan. Die PUK, geklop deur RAU en US, moes met die derde plek tevrede wees.[205]

In 2000 byvoorbeeld het die dames op SASSU-vlak eerste met 'n formidabele gemiddelde van 88,8% geëindig. Daar-teenoor het die mans se gemiddeld van 50,9% in 1999 tot 57,5% in 2000 verbeter.[206] Die volgende jaar het die prestasieverskille op SASSU-vlak tussen die mans en dames aansienlik gekrimp: die dames het 77,3% behaal, terwyl die mans hul prestasiepeil tot 61,9% verbeter het.[207]

Die tweede helfte van die Studentedekaanstermyn is, veral wat die sogenaamde prioriteitsportsoorte betref, gekenmerk deur 'n opwaartse sukseskurwe. Sedert veral 1996 het die sportklubs van die Universiteit prestasies van hoë gehalte gelewer – trouens die beste prestasies in die geskiedenis van die PUK.



Sportman - Vrou Van Die Jaar (Wenners Van Meer As Een Jaar)



Mnr. James Stoffberg, die nuwe Direkteur van die Sportburo [vanaf Okt. 2003 PUK-Sport] (Bron: PUK-Argief)

Die mans het veral aansienlik verbeter oor dié ses jaar vanaf 'n gemiddeld van meer as 40% tot 61,9% op SAU-vlak. Die dames se prestasie was egter nog steeds uitmuntend, veral in sportsoorte soos gimnastiek, landloop, hokkie, netbal en atletiek waarin hulle óf die eerste óf tweede plekke tydens SASSU-toernooie behaal het.[208]

Vir die Studentedekaan en die span kundiges in die Sportburo onder leiding van Hugo, het die opwaartse prestasiekurwe wat binne veral die prioriteitsportsoorte waargeneem kon word, waarskynlik 'n groot mate van tevredenheid en trots verskaf - veral in die lig van die veeleisende taak van fondswerwing met die oog op onder meer spesialisafrigting wat jaarliks onderneem moes word. Na die aftrede van Hugo in 2002 het byna 'n jaar verloop voordat die nuwe Direkteur, mnr. J.Y. (James) Stoffberg, in September 2003 in die plek van Hugo benoem is. Kort na die aanstelling van Stoffberg is die naam van die Sportburo gewysig na PUK-Sport.[209] Al-



Die Suid-Afrikaanse afrigter, Marlene Wagner (Bron: PUK-Argief)

tesaam 24 sportsoorte is teen 2003 op 'n mededingende basis aangebied: gholf, gimnastiek, karate, muurbal, pluimbal, skerm, tae kwon do, basketbal, sagtebal, vlugbal, kanovaart, korfbal, netbal, onderwaterhokkie, swem, tennis, tafeltennis, valskermspring, veelkamp, atletiek, krieket, sokker, hokkie en rugby.[210]

7.2.2 Koshuise, 1951-2004


- **Koshuisvader en -moeder in beheer, 1951-1960**

- *Koshuisadministrasie*

Aanvanklik, in die selfstandigwordingsjaar van die Universiteit, was die spreekwoordelike oes van studente nie groot nie, maar net genoeg vir een "arbeider" om te hanteer.

Derhalwe moes albei geslagte in hulle onderskeie koshuise tevrede wees om onder direkte toesig van een huisvader te staan. Prof. D.J. van Rooy was die Huisvader – 'n taak wat hy reeds sedert 1946 op sy skouers geneem het. Dit was eers vanaf 1954 dat vir die twee dameskoshuise (Piet Groblerhuis en De Klerkhuis) 'n huismoeder benoem is, met een matrone en een hulpmatrone. Die vier manskoshuise (Heimat, Gatland, Postmahuis en Uitspan) is bedien deur twee matrones en twee assistentmatrones. Mnr. G.J. Swart het diens gelewer as algemene werksman en me. A. Botha was bestuurderes van die wassery.[211] Na 13 jaar diens as koshuisvader het prof. Van Rooy in Mei 1960 afgetree en is hy deur prof. C.P. van der Walt opgevolg.[212]

Gedurende1955 is 'n huismoeder vir die dameskoshuise in die persoon van mev. M.H. van der Merwe benoem om prof. Van Rooy by te staan. Die dames het gedurende die jaar ook 'n nuwe koshuis (Klawerhof) betrek.[213] Vir die mans is 'n nuwe koshuis, Dawie du Plessis-huis, in 1955 oopgestel.[214] Die koshuisbeheerstelsel van een koshuisvader vir al die manskoshuise en 'n koshuismoeder vir al die dameskoshuise het tot aan die einde van 1960 behoue gebly. 'n Toename in die getal koshuisinwoners het sedertdien ingrypende infrastrukturele en bestuursveranderinge genoodsaak.





Prof. D.J. van Rooy, die eerste koshuisvader na 1951 en mev. M.H. van der Merwe as huismoeder, 1955
(Bron: Die Besembos, 1966, pp.15, 18)



F.J. Labuschagne, "primarius" of verteenwoordiger namens die koshuisvader in Heimat, 1956



A.J. Van der Walt as "primarius" of verteenwoordiger namens die koshuisvader in die koshuis Dawie du Plessis, 1956



Marina Scheepers van De Klerkhuis as hoofdame by die dameskoshuise
(Bron: PUK-Argief)

- ***Stelsel van toesig: die ouboetstelsel***

Kort voor sy aftrede, gedurende 1960, het prof. D.J. van Rooy die sogenaamde "ouboetstelsel" vir eerstejaarkoshuismans ingevoer. Die stelsel het ten doel gehad om daadwerklike leiding aan en toesig oor eerstejaarstudente te verseker. Hiervolgens het een of meer senior studente in elke koshuis as die voog of ouboet van eerstejaars opgetree. Dié voogde het 'n drieërlei taak gehad, naamlik om algemene leiding aan die juniors te gee, toesig te hou oor hulle studie en toe te sien dat die senior studente nie inbreuk maak op die eerstejaars se studietyd nie. Die stelsel het die 1960-proefjaar met vlieënde vaandels geslaag.[215]



Etenstyd in die Lettie du Plessis-eetsaal (sestigerjare)



'n Stylvolle ontspanningsgeleentheid in een van die dames-koshuise (sestigerjare)



Ernstige sake rondom die akademie onder bespreking in die gepaste posisie
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

- ***Studenteverteenwoordiging en -getalle***

Stelsel van studentetoesig is deur die huisvader ontwikkel, naamlik deur middel van aangestelde verteenwoordigers vir die mans wat aangewys is deur die huisvader. Die dames het 'n huiskomitee deur 'n verkiesing aangewys. In 1956 het F.J. Labuschagne as hoofverteenwoordiger van die huisvader in die Heimatkompleks opgetree. Hy is bygestaan deur J.H. Coetzee, P.J. du Bruyn en N.C. Hattingh. A.J. Coetzee en A. van der Walt het die huisvader in Dawie du Plessis-huis verteenwoordig. Om beheer uit te oefen oor "sekere buitehuise van private persone" het die Raad van die Universiteit besluit om sodanige huise as manskoshuise te erken. Marina Scheepers van De Klerkhuis het as hoofdame gedien en sy is bygestaan deur Marita du Plessis van Piet Groblerhuis asook Bettie Linde van Klawerhof en ander lede van die huiskomitee.[216]




Een van die senior komitees besig met ernstige sake, 20 Feb. 1957 v.l.n.r Jurie Gouws, Alwyn du Plessis en Schalk Buys
(Bron: PUK-Argief)

Op versoek van die inwoners van die manskoshuise is in 1957 besluit om weer terug te keer na die toesigstelsel wat in 1943 afgeskaf is. Die blote aanwys van verteenwoordigers deur die huisvader is dus in 1957 vervang met 'n verkose huiskomitee.[217] In die 1958-verslag van die rektor aan die Raad is só oor die stelsel gerapporteer: "Die nuwe stelsel van toesig in die manskoshuise het 'n bemoedigende proefjaar deurgemaak." Gevolglik is aanbeveel "dat dit bestendig word".[218]

H. van der Dussen het as hoofdame van die dameshuiskomitee in 1959 gefunksioneer, terwyl J.H. Coetzee en F.J. du Toit Lessing as voorsitters van die huiskomitees van die Heimatkompleks en Dawie du Plessis-huis opgetree het.[219] Die getal koshuisinwoners het geleidelik toegeneem. In 1956 is byvoorbeeld 193 dames- en 215 manskoshuisinwoners geregistreer teenoor die 289 dames en 274 mans in 1960.[220]

- ***Oriëntering***

Koshuisaktiwiteite het 'n geskakeerde terrein bestryk. Intertees, interetes, interkoshuiskompetisies, genooide gaste van buite die Universiteit en jaarlikse funksies soos byvoorbeeld dinees het aan die koshuislewe 'n eiesoortige dimensie verleen. Hierdie tipe byeenkomste het gesorg vir noodsaaklike sosiale opvoedingsgeleenthede en gesellige onderlinge verkeer.[221]









Die berugte Hof van Hades en ander ontgroeningsgebruike (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

Die Studenterade van die vyftigerjare het met die oriëntering van eerstejaars beoog "om die besondere gees en rigting" van die PUK oor te dra, die nuwelinge vertroud te maak met die veelkantige studentelewe, die seniors en eerstejaars die geleentheid te bied om nader kennis te maak en om veral van die "hooghartige matriekkompleks" ontslae te raak.[222] Kortom, die nuwelinge moes ontwikkel word tot "volwaardige PU-Kaners".[223] Oriënteringsprogramme, opgestel deur die Studenteraad (SR) in samewerking met ander belanghebbendes, het gepoog om genoemde doelstellings prakties uit te voer.

- ***Die dapper "drake" en "dore"***

Eerstejaarmans is "drake" en eerstejaardames "dore" genoem. 'n Oudame (senior damestudent) het 'n door by geleentheid só gedefinieer: "'n Door is 'n onwelkome,





Hierdie foto's wil juis demonstreer hoe hartseer die nuwe drake van Caput was toe hulle deur die ouhere in kennis gestel is dat die PU vir CHO geen ontgroening toelaat nie! (Bron: PU-Kaner, 1976)

simpele indringer wat heeltemal gevoelloos, doofstom, droog en goor is: maar wat tot enigeiets [sic] moontlik of onmoontlik in staat is."[224] Op sy beurt het 'n ouheer (senior manstudent) hom by geleentheid oor 'n draak só uitgelaat: "Hierdie verskynsel is geensins as 'n kompliment vir die Ouhere se ontgroeningsmetodes beskou nie. Die Drake was dan ook (volgens verwagting) so teleurgesteld dat sommige van hulle weg geloop het, en deur die polisie vankant gemaak moes word, die velle is darem teen 'n wins van die hand gesit. Een van die geskote Drake is ook aan die 'British Museum of Ancient History' verkoop. Dit is vasgestel dat hierdie besondere uitgawe van 'n draak aan die spesies Monstrosetos Fuura Spoega behoort. Deskundiges het gemeen dat St. George nog die laaste Spoega vankant gemaak het. £400 word aangebied vir nog 'n Spoega 'dead or alive'. … die Drake [is] orals met trots deur die Ouhere tentoongestel (vas geketang [sic] natuurlik) ...".[225]

Asof hierdie "vleiende" beskrywings nie genoeg was om enige eerstejaar-"door" en -"draak" af te skrik nie, was ander meer ernstige sake van belang ook in die verwelkomingtydperk afgehandel. Om byvoorbeeld kennis oor die belangrikste fasette van die PUK-geskiedenis en studentelewe in te skerp, moes elke nuweling 'n Studentehandboek- of sogenaamde Brosjure-eksamen (verkort as Bros-eksamen) aflê. Suksesvolle kandidate het stemreg verwerf en kon byvoorbeeld 'n PUK-kleurbaadjie in hulle tweede jaar aanskaf. Dit het oor die algemeen maar broekskeur gegaan. In 1957 byvoorbeeld het 'n skamele 43,8% van die nuwelinge geslaag,[226] en in 1960 het 35,7% van die eerstejaars nie eers die moeite gedoen om die Bros-eksamen af te lê nie.[227] Slegs twee uit 179 kandidate van dié betrokke jaar kon daarin slaag om meer as 80% te behaal en boonop het 55 studente nie die paal gehaal nie.[228] Die antwoorde van sommige "verwarde" (soms moedswillige!) kandidate het veel pret aan die eksaminatore verskaf: "Die Voorsitter en onder-voorsitter van die S.R. word gekies deur die ou S.R.-voorsitter wat 'n dubbeltal stel en daaruit kies hy een"[229] en die "Funksie van die S.R. is om alle lewensprobleme op te los".[230]

Een van die ander hoogtepunte vir seniors en veral die ouhere was die talle kenmekaaraksies. Ouhere en kie het dan die geleentheid gebruik om nader kennis te maak met die aanvallige dore.[231]

Nog 'n hoogtepunt was die Hof van Hades-gebruik wat al voor 1951 ingestel is. Dit was 'n skynhof waar dore en drake "veroordeel" is. Dié hof het byvoorbeeld in 1953 bestaan uit die jurielid Casporius Nugter, die advokaat van die verdediging, Snippie Flyman, hoofregter Stier, klerk van die hof, sir Long John Fisher, die aanklaer, Doipos Viveros, twee uitsmyters en die veroordeelde door of draak.[232]

- ***Ontheffing – helaas!***

Die ontheffingsdinee, iets waarna elke door en draak reikhalsend uitgesien het, is jaarliks deur die Geselligheidskomitee vir die koshuise gereël.[233] Tydens dié geselligheid is dore en drake as volwaardige eerstejaars verwelkom. Verskeie heildronke is ingestel en die saal is gewoonlik op 'n oorspronklike wyse versier. Aan die hooftafel het die personeel en aan die ander tafels het die seniors hulle plekke ingeneem, terwyl die eerstejaars met skinkborde rondgedraf het.[234] Sedert 1958 is die arme dore en drake getreiter met 'n skynontheffing. Hulle het dié dinee saam met die SR terdeë geniet. Groot was die ontnugtering dikwels as die ouhere en oudames opnuut op die nuwelinge toesak. Gelukkig darem nie vir te lank nie...[235]

Alles het egter nie altyd klopdisselboom gegaan met die oriëntering nie – verskeie besware is byvoorbeeld geopper teen veral "ontgroeningstradisies" wat soms in koshuise onafhanklik van die amptelike SR-program plaasgevind het. Gevolglik is daar in 1956, 1957 en 1960 ondersoeke deur die SR van stapel gestuur om die inlywingsprogram te verbeter. Een gevolg daarvan was dat 'n staande komitee van die SR in 1957 aangewys is om eerstejaarsaangeleenthede te behartig. As uitvloeisel daarvan is verskeie eerstejaarsbyeenkomste jaarliks gehou, wat as 'n goeie skakel tussen die SR en eerstejaars gedien het.[236]

- ***Vreugdedagvierings (as Karnaval bekend sedert 1968, en vanaf 1988 as Jool)***

Gedurende die vyftigerjare het Vreugdedagvierings die insameling van geld vir welsyn as primêre doelstelling gehad. In die selfstandigwordingsjaar van die PUK is 'n beskeie bedrag van sowat £140 ingesamel[237] en 'n jaar later £350.[238] Teen 1960 het die Vreugdedaginsameling só aangegroei dat 'n wins van naby £1 000 gemaak is.[239] Geld is ingesamel deur middel van straatkollektes tydens die sierwa-optogte deur die strate van die dorp, kollektelyste is uitgedeel aan eerstejaars, briewe vir donasies is gerig aan ouers en oudstudente, en die Vreugdedagblad, *Die Pukkie*, is verkoop.[240]

Van die fondse wat gedurende 1951 tot 1960 ingesamel is, is uitgedeel aan die Transoranje-skool vir Dowes, die Potchefstroomse Kindersorgtak vir dié vereniging se liefdadigheidswerk, die Klerksdorpse Kinderhawe, die Potchefstroomse ouetehuis, die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsorganisasie, Loopspruitskool en die Vyfhoekkonsentrasiekampkerkhoffonds.[241] Sedert 1953 is 'n deel van die fondse ook gestort in die boufonds van die beoogde studentesaal.[242]




Vreugdedagvierings in die vyftigerjare



'n Voorblad van een van die oudste Die Pukkies (Bron: PUK-Argief)

Vreugdedagvierings het nie net finansiële ondersteuning aan welsynsorganisasies gebied nie, maar het ook gesonde studentepret en die bou van 'n samehorigheidsgevoel op die kampus ten doel gehad. Studentehumor en allerhande grappies is jaarliks in *Die Pukkie* gepubliseer en aan die publiek beskikbaar gestel. In 1951 is 1 600 eksemplare verkoop en teen die tiende bestaansjaar van *Die Pukkie* in 1959 is 12 000 eksemplare gedruk. Gedurende die Julie-reses was dit veral die Alabama-studentegeselskap, die Thalia-toneelgroep, die Hofkonsertgeselskap en die eerstejaars wat gehelp het met die verspreiding van die studenteblad. Tydens die tradisionele sierwa-optogte is ook heelwat eksemplare van *Die Pukkie* verkoop.[243] Ten spyte van die positiewe aspekte van hierdie insamelingspoging was daar ook negatiewe aspekte: die produksie, bemarking sowel as die verkope en kontrole van *Die Pukkie* het vanaf 1958 tot 1960 'n laagwatermerk bereik. Die 1960-verkope was byvoorbeeld so swak dat die SR 'n aansienlike finansiële verlies gely het.[244] Hierdie ongewenste toedrag van sake is gedurende die sestigerjare reggestel.

Die hoogtepunt van Vreugdedagfeesviering was natuurlik die sierwa-optogte. In 1951 was die selfstandigwording van die PU vir CHO die oorkoepelende tema. Dié kompetisie was gedug en uiteindelik het die treinvlot, die vlot met die Hoofgebou gemonteer op die Bybel en die vlot met die voorstelling van "In u lig" met die louere weggestap. Die Ooievaar-vlot wat die geboorte van 'n selfstandige PUK gesimboliseer het, het ook die beoordelaars se aandag getrek.[245] Wat die jaarlikse vlotboutemas betref, het dit nie aan studente-oorspronklikheid ontbreek nie. Van die interessantes was die volgende: Grepe uit die musiekwêreld,[246] Hans Christian Andersen se sprokies,[247] Sakeondernemings van Potchefstroom[248] en Lande en hul volksleefwyses.[249] Pryse is jaarliks toeken vir die bes afgewerkte vlot, die oorspronklikste vlot en die vlot met die mees humoristiese en komiese voorstelling. Pryse is ook toegeken vir die beste kostuums.[250]



Die eerste sierwaens van 1951 wat selfstandigwording as tema gehad het (Bron: PUK-Argief)



Jooltyd! (Marike en FW), 1957
(Bron : PU-Kaner, 1(89), p. 41)

Die aanbied van 'n gratis Vreugdedagkonsert, aangebied deur Thalia en die Alabama-studentegeselskap, was ook 'n besondere hoogtepunt van Vreugdedagfeesvierings.[251] Laat gedurende die vyftigerjare het die belangstelling - veral onder seniors - in Vreugdedag sodanig getaan dat Jan Ras, Voorsitter van die Vreugdedagkomitee, 'n pleidooi gelewer het dat 'n kermis of karnaval in die plek daarvan gehou moes word. Hy was van oordeel dat 'n kermis of karnaval met byvoorbeeld 'n verskeidenheid stalletjies veel meer sou bied as wat dit met die stereotiepe Vreugdedagvierings die geval was.[252] Eers enkele jare later sou aan die versoek gehoor gegee word.

- **Sentrale beheerliggaam vir koshuise, 1961-1987**

- *Koshuisadministrasie*

Met die aftrede van prof. Van Rooy in Mei 1960, na 13 jaar diens as koshuisvader, het 'n nuwe bedeling aangebreek. Waarskynlik om praktiese redes en veral weens die stygende getal koshuisinwoners, is die toesig oor die dames en die mans geskei. Voortaan sou die huisvader alleenlik verantwoordelik wees vir die mans, terwyl die huismoeder toesig oor die dames sou hê. Prof. C.P. van der Walt het reeds vanaf 1 Junie 1960 opgetree as huisvader en me. M.J. Crause het sedert 1 April 1960 haar plek as huismoeder ingeneem.[253]

Om 'n meer vaartbelynde koshuisadministrasiestelsel te verseker, is die Advieskomitee vir Koshuise in 1961 in die lewe geroep. Die Komitee, bestaande uit die registrateur, die huismoeder en huisvader, die opsigter van koshuise en die hoof- tegniese beampte het vier keer per jaar vergader. Dié verwikkeling in verband met die algemene koshuisadministrasie is genoodsaak weens die feit dat die koshuisvader nie meer hoof was van sowel die mans- as dameskoshuise nie, en die vereiste dat gemeenskaplike koshuisaangeleenthede gekoördineer moes word.[254] Die Advieskomitee vir Koshuise se benaming is in 1967[255] verander na die Sentrale Beheerliggaam Koshuise. Hierdie benaming is vir 'n ruk gebruik (15 Maart 1976 tot 12 Junie 1977) en toe weer verander na die Advieskomitee vir Koshuise. Gedurende die Advieskomiteetydperk het prof. Tjaart van der Walt opgetree as permanente voorsitter en as skakelpersoon tussen die studente en die Universiteitsowerheid.[256]

Die huisvaderstelsel is ingevolge 'n 1965-besluit van die PUK-Raad uitgebrei en die Huisvaders was die volgende: Prof. W.N. Coetzee (Heimatgroep, die dameskoshuise Piet Grobler- en De Klerkhuis); prof. W.J. de Klerk (Dawie du Plessishuis); prof. S.J. Preller (Johannes van Rooyhuis) en prof. S.C.W. Duvenage (Klawerhof en Oosterhof).[257]

Met hierdie stelsel van meer huisvaders is 'n *collegium* gevorm waardeur gereelde onderlinge raadpleging bewerkstellig kon word. Die huisvaders se take is aansienlik vergemaklik deur 16 matrones: vyf vir Oosterhof en Klawerhof, sewe vir Piet Globlerhuis, De Klerkhuis en Lettie du Plessis-saal en twee elk vir Johannes van Rooy- en Dawie du Plessishuis.[258]

As 'n verdere toevoeging en om 'n meer vaartbelynde koshuisadministrasiestelsel te verseker is mnr. W.J. Coetzee in Januarie 1967 as koshuisbestuurder aangestel. Sy aanstelling het die take van die koshuisvaders aansienlik verlig, want uit die staanspoor was hy verantwoordelik



Die matrones van al die koshuise, 1968, met W.J. Coetzee as koshuisbestuurder (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

vir die toesighouding oor die werksaamhede van die matrones, die skoonmakers, die geboue, voorrade en die voedselvoorsiening. Die vier koshuisvaders is dus in 'n groot mate van administratiewe verpligtinge onthef en kon dus heelwat meer tyd spandeer aan die koshuisinwoners se probleme – veral die eerstejaars se studie- en algemene aanpassingsprobleme.[259] Hierdie stelsel is vir drie jaar toegepas totdat Coetzee in 1970 bedank het.


Die bedanking van Coetzee het die geleentheid geskep om die bestaande koshuisbestuur verder te verfyn. In die plek van 'n koshuisbestuurder is 'n hoof vir Koshuisadministrasie in die persoon van M.P. Fick, asook 'n spysenier (J. du P. Venter) vanaf 1 Januarie 1971, aangestel. Verder is die aantal administratiewe assistente vermeerder om die groeiende administratiewe verpligtinge te hanteer.[260]

- ***Behuisingsfrustrasies...***

'n Besondere toename in die getal koshuisinwoners gedurende die sestigerjare en die eerste helfte van die sewentigerjare het 'n nypende tekort aan akkommodasie veroorsaak. Gevolglik is hierdie jare gekenmerk deur 'n bedrywige aanbouprogram. Die Johannes van Rooyhuis wat in 1963 amptelik geopen is, het uitkoms gebied.[261] Dit was die Universiteit se eerste drieverdiepingkoshuis en die eerste manskoshuis wat oor " 'n ruim en aantreklike sit- en ontspanningskamer" beskik het. P.W. Bingle was die eerste Voorsitter en F.R.P. de Bruyn die eerste Huiskomiteelid van die nuwe koshuis.[262]

Kort na die opening van die Johannes van Rooyhuis het Oosterhof gevolg. Ons Huis is in dieselfde jaar omskep in 'n dameskoshuis om 26 dames te huisves [263] Die studentegetalle in die vier manskoshuise (Heimat, Uitspan, Dawie du Plessishuis en Van Rooyhuis) was 330 op 1 Maart 1964, terwyl die vyf dameskoshuise (Oosterhof, Ons Huis, Klawerhof, Piet Groblerhuis, De Klerkhuis) 482 studente gehuisves het.[264] Teen 1966 het die inwonertal van die koshuise vir die eerste keer die 1 000-kerf verbygesteek. Sowat 530 dames en 479 mans was toe geregistreer, met steeds 'n groot behoefte aan verblyf vanweë die stygende inwonertal.[265] Hierdie tekort is in 1967 tydelik verlig toe 'n agtverdiepingkoshuis, Karlien, vir die damestudente gebou is. In dieselfde jaar is die Sentrale Eetsaal wat 800 studente kon akkommodeer, voltooi.[266] Albei geboue is in 1968 amptelik in gebruik geneem.[267]

Na die voltooiing van die twee praggeboue in 1967 het die Heide-dameskoshuis in 1970 gevolg.[268] Nog eens het dit slegs tydelike verligting vir die groeiende huisvestingnood gebied. Die koshuisinwonertal het in 1971 vir die eerste keer die 2 000-kerf oorskry,[269] waarna dit drie jaar later reeds op 3 365 gestaan het.[270] Eers hierna het die inwonertal op sowat 3 000 studente gestabiliseer. Vir die Universiteitsraad was hierdie stabiliserings-




Mnr. M.P. Fick, Hoof: Koshuisadministrasie, 1971
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

tendens waarskynlik 'n rede om asem te skep, want tussen 1971 en 1974 moes heelwat dinkwerk bestee word aan addisionele akkommodasievoorsiening. Taskamers is byvoorbeeld in slaapkamers omskep. Tydelike geboue is gebruik, waaronder die ou Spraakleer- en Dramagebou asook die Geologiegebou waarin 75 mans in 1972 tydelik gehuisves is. Kasteel (kombuis, eetsaal en ses blokke), wat aanvanklik as 'n manskoshuis beplan is, is in 1972 deur 384 dames bewoon.[271] Sedert 1973 is geboue van 'n Rooms-Katolieke klooster in Van Riebeeckstraat, Potchefstroom gehuur. (Later is hierdie geboue omskep in 'n tehuis vir bejaardes, Huis Eikelaan.) Hierdie geboue is Kloosterkoshuis gedoop en deur 215 mans betrek. Teen die einde van 1973 is die twee dameskoshuise, Wag-'n-bietjie en Vergeet-my-nie voltooi en in 1974 amptelik in gebruik geneem. Hierdie twee koshuise het bykomende huisvesting aan 378 dames gebied.[272] Die uitbreiding van die Skuurkompleks is aan die begin van 1975 voltooi en verdeel in twee afsonderlike koshuise met die name Caput en Hombré. Albei koshuise het besondere verligting vir die huisvestingprobleem gebring, aangesien 646 manstudente gedurende 1975 daar gehuisves kon word.[273] Die refrein in koshuisverslae dat "die toenemende studentegetalle [aan] die begin van die jaar huisvestingsprobleme meegebring het"[274], is vanaf 1976 vervang met: "Geen noemenswaardige probleme is in die begin van die jaar met huisvesting ondervind nie."[275] Groter stabiliteit in koshuisgetalle het meegebring dat die Universiteit vanaf 1978 die geleentheid gebruik het om 'n nuwe manskoshuis te bou, omdat die koshuise Klooster, Piet Groblerhuis, Heimat, Uitspan en Skuur nie "meer beantwoord [het] aan die doel nie".[276] In 1979 het die Universiteit oor nege mans- en nege dames-



Die Kloosterkoshuis, 1973 (Bron: PUK-argief)



Gatland is in die proses van koshuisuitbreiding gesloop. Gepas lui die berig dat "Gatland sy land gesien" het (Bron:* Die Wapad, *14 Mrt. 1975, p. 1)

koshuise op die kampus beskik, terwyl die dorpstudente ingedeel is in drie manswyke en een dameswyk.[277]

- ***Akkommodasiefrustrasies – vir studente én owerhede***

Na die besondere groei in die getal koshuisstudente het 'n fase gevolg waarin studente die koshuise in toenemende getalle verlaat het. Die vernaamste redes wat in 1979 deur koshuisverlaters aangedui is, was dat studente nie genoegsame studietyd en -geleentheid in die koshuise het nie en dat losies in die dorp goedkoper was.[278] Teen die einde van Oktober 1983 het koshuise sowat tagtig minder inwoners as in 1982 gehuisves. Daarna is die redes vir koshuisverlating "opnuut indringend ondersoek".[279] Veral manskoshuise was in 1986 onderbeset, terwyl 'n aantal dames nie geakkommodeer kon word nie en tydelik in die Gastehuis gehuisves moes word voordat hulle in 'n koshuis geplaas kon word.[280] Die probleem dat koshuisakkommodasie nie maksimaal benut is nie, is veral in die Reinecke-rektorstermyn aangepak.

- ***Huiskomitees (HK's) en die Sentrale Huiskomiteestelsel***

In 1960 het die huiskomitees, wat 321 dames en 280 mans verteenwoordig het, só daar uitgesien: -Heimatkompleks: L.A.S. van Wyk van Ons Huis as Voorsitter; J.S. du Plooy van Uitspan; A.G.C. Yssel van Postmashuis en J.H. Combrink van Heimat. -Dawie du Plessishuis: P.R.P. Potgieter as Voorsitter, F.J. du Toit Lessing, P.W. Steinberg, D.A.S. Herbst. -Dameskoshuise: Die Hoofdame, mej. Maryn Fourie, is bygestaan deur twee "onderhoofde" en 'n huiskomitee.[281]

'n Nuwe verwikkeling in die bestuur van die manskoshuise was die totstandkoming van die Sentrale Huiskomitee in 1962 waarop al die lede van die afsonderlike huiskomitees gedien het. Die eerste Voorsitter was P.W. Steinberg met P.A. Venter as Sekretaris.[282]

Met vyf dameskoshuise in gebruik het die huiskomitees van die dameskoshuise besluit dat daar vanaf 1966 nie net 'n enkele hoofdame vir al die koshuise verkies sou word nie, maar dat uit die verkose huiskomitee vir elke koshuis 'n eie hoofdame aangewys sou word. Uit dié geledere sou 'n voorsitter dan vir die Sentrale Huiskomitee verkies word.[283]

Vir etlike jare het die Sentrale Huiskomitee 'n noodsaaklike samebindingsfunksie in koshuisgeledere vervul. In 'n verdere poging om die PUK-koshuise in een selfstandige belangekring van die georganiseerde studentelewe saam te snoer, is die Koshuisraad aan die einde van 1975 in die lewe geroep. Daarmee het die PU vir CHO die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword wat elkeen van sy 20 koshuise erken het as 'n mini-kampus. As sodanig het elke koshuis 'n selfstandige aanspraak gehad om deel te wees van die georganiseerde studentelewe.[284] Voor 1975 het die koshuise net woonplekstatus gehad en was 'n koshuis gesien as 'n belangekring waaroor die SR nie gesag gehad het nie.

- ***Toesig oor eerstejaars***

Om die doeltreffendheid van die "ouboetstelsel" te verbeter, is 'n reglement in 1961 opgestel. Die Raad van die Universiteit het ook besluit om voogde vir hulle dienste te vergoed. Dat die eerstejaars "as die arbeidsmag van die studenteorganisasie (buite die koshuise) beskou" is, het die taak van die "ouboete" aansienlik bemoeilik.[285] Vanweë praktiese probleme is die "ouboetstelsel" in 1967 afgeskaf en die taak om eerstejaars te begelei is oorgedra aan die uitgebreide huiskomitees.[286] Die huiskomitees se aandag het gefokus op die sinvolle inskakeling van eerstejaars, asook op die monitering van hul vordering op akademiese vlak. Behoeftes en vereistes binne die koshuislewe het so gevorderd geraak dat huiskomiteelede jaarliks, voor die amptelike opening van die Universiteit, leierskampe bygewoon het om hulle deeglik voor te berei vir hulle besondere rol in die studentegemeenskap.[287]

- ***Die oriëntering van eerstejaars verwissel van gedaante***

Oriëntering, of soos vroeg in die sestigerjare nog sommer kortweg as "ontgroening" bekend, was tot 1989 nog een van die vernaamste koshuisaktiwiteite. Waarskynlik was dit ook dié aktiwiteit wat die meeste probleme vir die PUK-owerheid (en besorgde ouers) geskep het. Ondanks die afsnydatum waarop alle oriëntering gestaak moes word, is jaarliks klagtes van ouers ontvang dat hierdie datum oorskry word.[288]

Om koshuisoriëntering te monitor, moes elke koshuisvader in samewerking met die onderskeie huiskomitees jaarliks koshuisoriënteringsprogramme opstel en aan die PUK-owerheid voorlê.[289] Dit was nie 'n foutlose voorsorgmaatreël nie, soos blyk uit die samevattende jaarverslag van huisvaders vir 1980: "In die meeste gevalle het dit goed verloop – veral gedurende die eerste week toe die H.K.'s alleen daarvoor verantwoordelik was. In sommige manskoshuise was daar egter ernstige gevalle van buitensporighede."[290]

Ondanks die frustrasies wat oriëntering soms vir eerstejaars meegebring het, is tog van tyd tot tyd gepoog om hierdie tydperk sinvol in belang van die studente aan te wend: inligtingsessies is derhalwe deur Universiteitspersoneel gehou oor sake soos universiteitstudie, vakkeuse en talle vraagstukke waarmee eerstejaars te



Van die koshuisvoorsitters en hoofdames: L.A.S. van Wyk, J.S. du Plooy, D.A.S. Herbst, A.G.C. Yssel, J.H. Combrink, P.R.P. Potgieter, F.J. du Toit Lessing, P.W. Steinberg, M. Fourie (Bron: Die Besembos, *1959)*

kampe het.[291] Die vertroud maak met dekades-oue koshuistradisies – soms op 'n "emosioneel-pynlike" wyse – het gewoonlik buite die amptelike inlywingsprogramme plaasgevind. Sedert 1963 is gepoog om meer opvoedkundig te werk te gaan om sodoende "met die inlywing integrering te bereik eerder as vernedering en belaglikmaking".[292] Voorligtingsessies deur voorsitters van verskillende studentehoofliggame is ook vir die eerste keer as deel van die oriënteringsprogram geïmplementeer.[293]

Aangesien die koshuistradisies en die amptelike inlywingsprogramme hemelsbreed verskil het, veral ten opsigte van opvoedkundige uitgangspunte, het die SR in 1965 die opspraakwekkende besluit geneem om inlywing af te skaf. Studentekoerante het dié besluit in hoofletters op hulle voorblaaie uitgebasuin. Die besluit was uiteraard uiters ongewild by die studentemassa[294] en daarom het die SR-voorsitter, S.J. du Plessis, tydens 'n massavergadering van 23 Maart 1965 probeer verduidelik dat die huidige inlywingsprogram sowat 15 jaar oud is en dateer uit 'n tyd toe studentegetalle aan die PU vir CHO aansienlik kleiner was. Die tradisionele inlywingsprogram het in hoofsaak gefokus op die ongeorganiseerde studente- en koshuislewe en daarom is eerstejaars nie effektief genoeg ingeskakel by die akademie en georganiseerde studentelewe nie. Die SR het gevolglik besluit om 'n inskakelingsprogram op te stel wat alle fasette van die studentelewe bestryk.[295] Noodgedwonge moes die massa maar eers terugsit en wag voordat die toekomstige inskakelingsprogram sonder meer verdoem word.

Die nuwe inskakelingsprogram het onder meer behels dat die tradisionele ontheffingsdinee plek sou maak vir 'n verwelkomingsdinee – voortaan gereël deur die Ontspanningskomitee van die SR.[296] Oudstudente is via *Die Veteraan* meegedeel dat daar nie meer so iets soos ontgroening of inlywing bestaan nie en dat die verwelkomingsprogram daarop gemik is om eerstejaars so gou as moontlik in te skakel by die aktiwiteite van die Universiteit, naamlik die akademie, verenigingslewe en sportlewe.[297]

Die SR van 1966 het die onbenydenswaardige taak gehad om hierdie uiters ongewilde besluit in die praktyk toe te pas en het na afloop van die inskakelingspogram só verslag gedoen: "Die aanvanklike spanning hieroor het egter geen groot ongelukke teweeg gebring nie …".[298] In 1967 is vol bravade in *Die Wapad* berig dat oriëntering 'n gedaanteverwisseling ondergaan het: vanaf 'n "ware gekontroleerde en gedwonge ontgroening ... na 'n meer spontane dog goed georganiseerde program met radikale wysigings van vorige jare".[299]





Die voorsitter (Prof. H.J. Reyneke) en sekretaris (me. C. Postma) van Sentrale Komitee (Bron: PUK-Argief)

Gedurende die sewentigerjare het oriëntering landswyd skerp onder skoot gekom. Aan die begin van 1976 het verskeie universiteite gevolglik aangekondig dat hulle alle vorms van "inlywing" van eerstejaars sou afskaf.[300] Die Sentrale Studenteraad (SSR) van die PU vir CHO het egter daarop aanspraak gemaak dat oriëntering "finaal sy ou kleed van ontgroening afgelê" het, en "volkome vervang [is] met 'n positiewe inburgeringsproses". Verder is beweer dat die SSR, in samewerking met die owerheid, daarin geslaag het "om 'n nuwe beslag aan die oriëntering te gee waarin persoonlikheidskrenking en fisiese ontbering geen rol hoegenaamd gespeel het nie."[301] Die redakteur van *Die Wapad* het ook met trots verklaar: "Die P[ukke] het weer eens getoon hoe hulle balans kan handhaaf en beheersd kan optree. Op so 'n manier hou ons die oriëntering in ere en in stand!"[302] Die waarheid was egter dat die formele en goedgekeurde programme drasties verander het, maar dat "ontgroening" in sy emosioneel afbrekende gedaante nie uit die koshuise padgegee het nie. Koshuistradisies is dus ongestoord en met weinig respek vir opvoedkundige waardes in koshuise op die nuwelinge afgedwing soos blyk uit studente-uitsprake:

In 1964 het 'n primaria koshuisinlywing só verwoord: "Al gou kom die 'Dore' en 'Drake' onder die indruk van hul onervarenheid en leer hulle die 'oudames' en 'ouhere' as gedugte en ernstige meerderes ken. In die aande maak hulle kennis met allerlei nuwighede, van die Rooi Duiwel en Ogpoe tot tannie Bes en haar Siembambamaatjies. Smôrens vroeg maak hulle die litte, styf van groenheid, los met aangename opvoedkundige oefeninge vir die jong groeiende liggame, om daarna die toorn van die oudames hulself op die hals te haal deur hulle vriendelike (?) en vrywillige (!) môregroet. Ja, met hul voorskote, groen strikkies en lappoppe is hulle 'n alte bekende gesig, genoeg om enige oudame met snakkende asem na haar hare te laat gryp! Die inlywing gaan egter verby en teen wil en dank word hierdie nuwelinge as inwoners van die koshuisgemeenskap aanvaar."[303]

Tien jaar later, in 1974, is die inlywing so beskryf: "Ja, die 'Jaartjies'. Met bleek gesigte al afstekende teen die bruingebrande bene (dit was mos die laaste 'skoolvakansie') – het hulle by die onooglike bakstene ingemarsjeer. Min het hulle besef wat alles in die 'heerlike studentelewe' vir hulle voorlê … Snikkende, veronregte 'dames' in die ontgroening en lekker ou 'ogpoe' ten tye van die ontheffing net om gesigte by gevoelens te laat pas."[304]

In 1980 word die aankoms en oriëntering van nuwelinge só beskryf: "Uitgedos in sagte pienk het ons Doortjies gearriveer. Met 'n matriekkompleks só groot en wat nooit sou kon droom om hare te vleg en soutwater te drink nie. Van eendjies-eendjies stap in 'n ry, karate, ballet, oom Olifant en PT, word jou hansgeit sommer gou in 'n skoendoos begrawe! Dit het van jóú, juffrou, 'n eerstejaar in Heide, jou Tuiste gemaak!"[305]

Die inskerping van koshuistradisies was nie net 'n negatiewe ervaring nie. In meningsopnames is bevind dat 'n groot persentasie koshuisnuwelinge tog gunstig gestem was teenoor inlywing op koshuisvlak. Ene door Estelle van Vergeet-my-nie-dameskoshuis het byvoorbeeld haar gevoelens só opgesom: "Dis twee weke van my lewe wat ek nooit weer wil oor hê nie, maar twee weke waarsonder ek nooit sou wou wees nie."[306]

Om die formele aspekte van die georganiseerde studentelewe (akademies, op sportgebied en sosiaal) by nuwelinge in te skerp is die tradisie om die Bros-eksa-

men (Studentehandboekeksamen) te skryf gedurende die sestiger- en sewentigerjare voortgesit. Aangesien die aantal eerstejaars wat aangemeld en geslaag het, teleurstellend min was, het die SR besluit om die Handboekeksamen deel te maak van die uiters strawwe en mededingende kompetisiegees wat tussen koshuise geheers het.[307] Die besluit het 'n besondere positiewe uitwerking gehad, aangesien koshuise met mekaar meegeding het om die hoogste inskrywing- en slaagsyfer te behaal.[308] In 1971 het byvoorbeeld nie minder nie as sewe koshuise 'n 100%-inskrywingsyfer behaal.[309]

In 1972 is 'n nuwe stelsel in die plek van die Handboekeksamen deur die SR ingevoer. In die plek daarvan is 'n Kleurbaadjie-eksamen ingestel. Daarbenewens is van alle eerstejaars verwag om 'n oriënteringseksamen aan die einde van die oriënteringstydperk af te lê.[310] Die stelsel is entoesiasties deur die studentemassa verwelkom – veral die seniors wat nog nie via die ou stelsel PUK-kleure kon verwerf nie.[311] Die doel van die Kleurbaadjie-eksamen was om aspirantkleurbaadjiedraers te vorm en in te lig oor die PUK, sy mense én sy geskiedenis. Die leerstof wat aan die eerstejaars beskikbaar gestel is, het bestaan uit ses artikels wat deur studenteleiers geskryf is en onder andere gehandel het oor die geskiedenis van die Universiteit, die stryd teen die gewetensklousule, die georganiseerde studentelewe en die vereistes vir die dra van die baadjie.[312]

Tydens die koshuis-oriëntering is die eerstejaars aan allerlei lawwighede blootgestel. Aspirant-Heimatters moes byvoorbeeld die volgende drakerympie opsê voordat hulle die gebou kon binnegaan:

"Goeie môre oom Heimat
Ek is James Bond se bont-hond;
Sien oom hierdie hande…
Sien oom hierdie tande…
Hulle maak so brr, brr!"[313]

Ná liggaamsoefeninge, wat reeds teen 06:00 'n aanvang geneem het, moes die drake die ouhere saggies wakker maak en daaraan herinner dat dit amper



Oriëntering in die laat- sewentigerjare -tagtigerjare
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling} en Die Wapad, *16 Feb. 1979, p. 1})*

tyd vir ontbyt is. Daarna moes die draak verneem of die ouheer, ten spyte van die drake se teenwoordigheid, 'n aangename nagrus geniet het.[314]

Verskeidenheid aksies het tydens die oriënteringsweke plaasgevind. Die vernaamste hiervan was uitkenningsparades, Rooiduiwel, die vertrek na Tarentaal en die gepaardgaande inpak vir 'n treinreis wat nooit plaasvind nie, die dra van 'n "stoetkaart" met al die besonderhede van die eerstejaar daarop, ogpoe drink, 'n modderbad vir die mans, die Hof van Hades waartydens drake "sonder getuienis" en sonder uitsondering skuldig bevind is, douvoordag al liggaamsoefeninge doen, vrugtefees, fietsparades, *sing-songs* en die groentjiekonsert van die eerstejaars vir die seniors.[315]

Die ontheffingsdinee, soms ook die verwelkomingsdinee genoem en aangebied deur die SR, was vir die dore en drake 'n welkome verlossing.[316] Tydens die dinee is die nuwelinge verklaar tot volwaardige eerstejaars.[317] *Die Wapad* het die atmosfeer onder veral die eerstejaars só verwoord: "Na dae van spanning was daardie trillende opgewondenheid tot barstens toe gelaai. Nou kan hulle hard lag en gekskeer."[318] In 1977 en 1978 is opnuut besluit dat die eerstejaars na die ontheffingsdinee met rus gelaat moes word en byvoorbeeld nie gedwing moes word om enige aksies by te woon nie.[319]



Die PUK-baadjie soos in die tagtigerjare
(Bron: PUK-Argief)

Gedurende 1979 en 1980 is 'n heftige kampusdebat (ook in die studentekoerant *Die Wapad*) gevoer oor die voor- en nadele van oriëntering. Veral oriëntering op koshuisvlak het sterk onder skoot gekom. Die redakteur van *Die Wapad* het in 'n artikel "Oriëntering mis sy doel" verklaar dat dit moeilik te begrype is hoe eerstejaars sinvol ingeskakel kan word "deur oefening te doen, uitmekaar geskree te word en sielkundig ontredderd te word". Hy het aan die hand gedoen dat byvoorbeeld die onkunde oor die beoefening van Christelike wetenskap die nodige aandag moes geniet. By sewe van die nege Universiteitskoshuise het eerstejaars nie werklik geweet wat met Christelike wetenskapsbeoefening bedoel word nie.[320]

In 1980 het die SSR gevolglik besluit om te herbesin oor oriëntering. Vraelyste is aan eerstejaars uitgedeel en daar is openlik verklaar dat die doel nie was om oriëntering af te skaf nie, maar dat daar probeer sou word "om die slegte te laat verdwyn sonder om die goeie in te boet". Aan akademiese oriëntering moes veral aandag gegee word.[321]

Die SR het streng riglyne opgestel met die uitleef van die Christelike roeping van naasteliefde as maatstaf. Hierdie riglyne het onder meer behels dat die aanvaarde gedragsreëls van "welwillendheid en welvoeglikheid" ge-





Iemand word "gevisdam"
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

Oriëntering in oënskou



In die dae toe eerstejaars nog . . .

Dameskoshuise:
deur Heletje Bezuidenhout en Lynette Swanepoel.

Die Wapad het onderhoude met die eerstejaars van die tien dameskoshuise op die PU oor hul mening oor oriëntering gevoer. Die onderhoude volg op berigte wat aan die begin van die jaar geplaas is.

Klawerhof:
Klawerhof se eerstejaars was van mening dat dit 'n ondervinding is wat hulle bly was om te kan beleef. Hulle besef ook dat 'n mens nie altyd die waarde van oriëntering dadelik kan besef nie.

Vergeet-my-nie:
Hulle eerstejaars het gemeen dat hulle tydens oriëntering meer konstruktief besig gehou moet word. Die probleem is opgelos en die eerstejaars van volgende jaar sal 'n groentetuin moet aanlê.

Wanda:
Wanda se eerstejaars het gekla oor die feit dat hulle laat in die aande georiënteer is. Hulle sê dat hulle sal sorg dat hul eerstejaars net so swaar soos hulle sal kry, maar hulle sal nie hul frustrasies op die eerstejaars wreek nie.

Kasteel:
Kasteel se eerstejaars was van mening dat oriëntering noodsaaklik is, maar dat die "juffrou-sêery" gestaak moet word na die eerste twee weke. Volgens hulle was die oriëntering goed georganiseerd en daar was nie tyd om huis toe te verlang nie.

Karlien:
Hulle eerstejaars het saamgestem oor die feit dat oriëntering 'n doel dien in dié opsig dat dit 'n mens baie gouer tuis laat voel op die kampus. Verder het hulle gevoel dat dit 'n groter doel sal dien as die eerstejaars meer as Púkke oriënteer word as lede van spesifieke koshuise.

Heide:
Die eerstejaars van Heide het gevoel dat die geskree op die eerstejaars uiters onvroulik is en dat dit die seniors geleentheid gee om hul frustrasies op hulle uit te haal. Hulle voel ook dat die 'Hof van Hades' en die uitgooi van die HK afgestel behoort te word aangesien sommiges die spanning daaraan verbonde nie kan verduur nie.

Wag-'n-Bietjie:
Hulle voel ook dat die eerstejaars met iets meer konstruktiefs besig gehou moet word. Al die geskree veroorsaak net dat hulle baie teneergedruk voel en dat die hele oriëntering afgesaag word.

Oosterhof:
Oosterhof se eerstejaars meen dat oriëntering iets is wat tydens latere jare vir baie aangename herinneringe sal sorg. Die instelling van oriëntering is goed soos dit is en daar behoort nooit oorweeg te word om dit af te stel nie.

Kulu:
Kulu se eerstejaars voel dat, indien die geskree gestaak word, dit die aanpassingsproses baie meer sal vergemaklik. Die seniors moet die eerstejaars ook meer help met hul akademiese oriëntering.

Dinki:
Dinki se eerstejaars is direk na die oriëntering onthef. Hulle was van mening dat hulle ook naamplaatjies moes dra om sodoende meer deel te voel van die eerstejaarsgroep. Daar is ook gevoel dat onnodige uitgawes soos dasse uitgeskakel behoort te word aangesien dit nie later weer gebruik kan word nie.

Oor die algemeen was die gevoel onder die eerstejaars dat oriëntering 'n baie positiewe uitwerking kan hê, mits dit nie oordryf word nie.

Manskoshuise:
drue Deon van Huizen en Philip Theunissen.

Finale ontheffing is iets waarna elke eerstejaar uitsien. Na 'n paar onderhoude met eerstejaars van verskillende manskoshuise het dit duidelik geblyk dat die finale ontheffing te laat in die jaar geskied.

Almal is dit eens dat oriëntering 'n vereiste is om 'n goeie Puk te kan wees. Die dra van dasse vir so 'n lang tydperk was die grootste klagte. Verder is daar ook gekla oor die baie gunsies soos koffie aandra wat nog gereeld gedoen moet word.

Over-de-Voor:
Die eerstejaars het gesê dat streng dissipline slegs 'n beter mens van jou maak. Hulle voel egter dat die dra van 'n das en naamplaatjie oorbodig is.

Caput:
Die inwoners van Caput voel dat daar reeds 'n goeie verhouding tussen seniors en eerstejaars heers en dat hulle nou maar onthef kan word.

Klooster:
Hulle eerstejaars voel dat ontheffing op 'n heel gepaste tydstip gekom het — net voor Intervarsity. Dit het die verhouding tussen seniors en eerstejaars verbeter en 'n beter gees vir Intervarsity geskep.


Uitspan:
Uitspan se eerstejaars voel dat die oriëntering geslaagd was in dié opsig dat dit die inburgeringsproses in die koshuis en op die kampus vergemaklik het. Hulle reken dat die eerstejaars wat wil kla die klomp is wat nog verlede jaar in matriek was en dinge nou nie só vind as wat hulle dit wou hê nie.

Heimat:
Die eerstejaars van Heimat voel dat oriëntering 'n doel gedien het in dié opsig om hulle suksesvol te laat inskakel en 'n vaste groepsgevoel te laat ontwikkel.

Thaba-Jäh:
Aan die begin van die jaar was daar vyftien eerstejaars waarvan daar nou slegs ses oorgebly het. Die rede hiervoor is dat sommige seniors hulle skuldig maak aan drankmisbruik. Hulle voel dat die doel van oriëntering die aanpassing van eerstejaars is. Of dit wel geslaagd was, verskil van persoon tot persoon.

Hombré:
Die eerstejaars van Hombré voel dat oriëntering as instelling 'n goeie doel dien, maar dat die finale ontheffing vroeër kan wees.

Die Wapad **berig oor die wenslikheid, al dan nie, van eerstejaarsoriëntering**
(Bron: **Die Wapad,** ***8 Aug. 1989, p. 7)***



'n Uitbeelding van die jaarlikse Hof van Hades tydens oriënteringsgeleenthede
(Bron: Die Wapad, 10 Apr. 1954, p. 5; 9 Mrt. 1964, pp. 4-5)

handhaaf moes word en dat 'n eerstejaar nie as persoon gekrenk moes word of fisies aangerand mag word nie. Alle aksies moes gerig wees op die opbou en positiewe inskakeling van eerstejaars in die studentegemeenskap.[322] Ondanks die toepassing van dié streng beleid is studente tog soms beseer tydens oriënteringsgeleenthede.[323] Na indringende samesprekings tussen die studenteleiers en die Universiteitsowerheid is besluit om oriënteringsaksies tussen seniors en eerstejaars voortaan te beperk. Die aksies wat wel toegelaat sou word, sou egter in die fynste besonderhede beskryf en beplan word en onder streng toesig plaasvind. Daarbenewens is die ou oriënteringsprogram vervang deur 'n Ontvangs- en Bekendstellingsprogram (O&B-program), waarin meer aandag aan akademiese oriëntering gegee sou word en vernederende praktyke nie geduld sou word nie.[324]

Die skerpste kritiek wat teen die nuwe benadering uitgespreek is, was dat seniors en eerstejaars mekaar nie leer ken het nie, aangesien die tradisionele kenmekaaraksies afgeskaf is.[325] Selfs 'n opname onder eerstejaars het aangetoon dat die meerderheid ten gunste was van die herinstelling van gebruike soos doredrag, stoetkaarte dra en kenmekaaraksies.[326] Na aanleiding van genoemde klagtes is die O&B-program sedert 1983 aangepas om meer kontakgeleenthede tussen eerstejaars en seniors te skep. Spesiale koshuisprogramme, aangepas by elke koshuis se besondere tradisies, is ook opgestel om nuwelinge se opname en aanpassing binne 'n besondere koshuiskultuur te vergemaklik.[327] Die Rektor, prof. Tjaart van der Walt, het gewaarsku dat "buite verhouding" streng opgetree sou word teen seniors wat buite die vasgestelde programme sou optree.[328]

Gelukkig was min tugoptredes nodig en die nuwe benadering het 'n oorweldigende positiewe reaksie van die 1986-dore en -drake ontvang. Door Alna van der Wateren het waarskynlik die raakste beskrywing van eerstejaars se emosionele ervaring tydens die O&B-program gegee: "Sommer die eerste aand het ons met 'n luide slag afgekom aarde toe. Daarvoor het die HK deeglik gesorg. Weg is al die matriek-mentaliteit van 'big shot' en emmers vol vertroue. Nou is ons Dore (en boonop goor ook!). Nadat ons die skok verwerk het, het dit lekker geword. Lekker om al wat liedjie is te sing, lekker om al wat mens is te groet en lekker om te 'blik-in-die-as'".[329] Hierdie, waarskynlik, welkome getuigskrif vir veral die senior studente, het nog nie verhinder dat die saak van oriëntering wel voortdurend skerp gekritiseer en bevraagteken is nie.

- ***Karnavalpret*** [330]

Die Karnavalkomitee het, net soos dit die geval met die Vreugdedagkomitee was, beoog om studentepret te kombineer met fondsinsameling vir welsyn- en studenteprojekte. Só byvoorbeeld is geld gedurende die laat-sestigerjare ingesamel vir 'n meer as nodige studentesentrum en fondse is geskenk aan welsynsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad (SANR) insake Alkoholisme, die SANR vir Dowes, die SANR vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe, die Transvaalse Helpmekaar-studiefonds. Somtyds is skenkings ook gemaak aan instansies wat terrorisme bestry het.[331] Karnaval het vanaf 1968 ontwikkel tot 'n mega-organisasie. In byvoorbeeld 1977 is 'n bruto-bedrag van R30 171,22[332] ingesamel en drie jaar later 'n rekordbedrag van R90 000.[333]

Met die verkope van *Die Pukkie* het dit ook sedert die Karnaval ingestel is, aansienlik beter gegaan as vroeër.[334] In 1971 byvoorbeeld het 22 busse met entoesiastiese studenteverkopers rondbeweeg om die verkope van *Die Pukkie* 'n hupstoot te gee.[335] Koshuise het ywerig meegedoen. Uitspan-koshuis het, getrou aan sy naam, vir 'n aantal dae te Naboomspruit uitgekamp en *Die Pukkie* in Nelspruit, Pietersburg en omgewing verkoop. Die resultaat was gevolglik 'n 100%-verkoopsyfer.[336] Die jaarlikse vlotoptog deur die strate van Potchefstroom en Klerksdorp was beslis steeds dié hoogtepunt. Aan name en temas vir die vlotte is daar altyd genoeg oorspronklikheid aan die dag gelê: Wêreldgebeure,[337] Die geheime wapen,[338] Rolprente,[339] Advertensies,[340] Walt Disney,[341] Die oliekrisis,[342] Die jaar van die vrou,[343] Musiek (titel van enige plaat),[344] Afrikaanse idiome,[345] Vir elke kwaad 'n boereraat (Gesondheidsjaar),[346] Dit is hoeka nie meer toeka nie,[347] Amajuba (Die boer en sy roer),[348] Lag-'n-slag,[349] en Om die wêreld in een dag.[350] Die uitbeelding van "Die oliekrisis" in 1974 het aanleiding gegee tot die besluit dat sierwaens vir die eerste keer slegs deur donkies, osse of studente getrek sou word.[351] Over de Voor en Wag-'n-bietjie se vlot "Die roeiende boot" het dié jaar die eerste plek verower.[352] Twee jaar later het die tema "Musiek" ook vir heelwat pret gesorg.[353] Dié jaar is die sierwa-optog vir die heel eerste keer deur die PUK se eie trompoppies deur die strate van Potchefstroom begelei. Klawerhof en Heimat het die wenvlot "Bingle Bells" (oorspronklik Jingle Bells) gebou. Die Rektor, prof.Hennie Bingle, is tot groot vermaak van die toeskouers as Kersvader op 'n slee uitgebeeld.[354]

Om soveel as moontlik studente te betrek, is 'n verskeidenheid aktiwiteite gewoonlik tydens Karnaval aangebied. Hiervan was die vernaamstes die volgende: die amptelike opening deur die president van Tarentaal, arena-aanbiedings (gimnaste, akrobate, veteraanmotors, perde), kleurvolle stalletjies, verskeie konserte deur bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars, die begrafnis van die akademie, die Hof van Geregtigheid (Hades), vuurwerkvertonings, modeparades, reklamesette, massabloedskenking, trapkarresies, Kaap na Rio-wedvaart, dames-driewielwedren, sewemanrugby, damesokker, wa-

terspele (toutrek, touklim oor die Mooirivier, binnebandvaart, kussinggevegte op pype, wedlope oor pype oor die Mooirivier), dameskopfietswedren, supersportmankompetisie, sêrkompetisie, mallemeule, fondsinsamelingsaksies, rolprentvertonings, sentlegging, drastoelwedren, biertuin, mallemeule, blikbou, deurnagkoffiekroeg, massabraai, suikerkaskenades, koshuisorkeskompetisie, sketskompetisie, Karnaval July en 'n pretdraf.[355]

Die ideaal van 'n permanente Karnavalplaas (aangrensend aan die Fanie du Toit-sportterrein) het vroeg in die tagtigerjare momentum gekry[356] en hierdie besondere terrein is geleidelik verbeter en omskep tot een van die beste Karnavalplase in die land.[357]

Ondanks die wete dat die Karnavalplaas die beste is, is die tyd waarop Karnaval gehou is, bevraagteken. April-maand was nie vir almal 'n geskikte tyd om die Karnaval te hou nie. Die koue daardie tyd van die jaar en die momentum wat die akademiese jaar dan reeds bereik het, was die vernaamste redes daarvoor.[358] 'n Ander saak wat spanning veroorsaak het, was die venynige kompetisiegees tussen koshuise. Die "lekker" van Karnaval en die ware doelstelling om liefdadigheidsprojekte te ondersteun, is daardeur op die agtergrond geskuif.[359] Aan albei hierdie probleme is daadwerklik aandag gegee laat gedurende die tagtiger- en negentigerjare.[360]



Karnavaltemas en -pret sedert 1969 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling}, Die Wapad, *23 Apr. 1971, p. 7)*

- ***Die era van die studentedekaan, 1987-2003***


Nadat die pos Direkteur: Studenteburo in 1987 afgeskaf is, is prof. C.J. van der Watt aangestel as die eerste Studentedekaan van die Universiteit.[361] Met die skep van hierdie pos is beoog om die organisasie van die uiteenlopende aktiwiteite van die studentelewe doeltreffend te koördineer. Sedert 1988 het die studentedekaan nie net as die sekretaris van die Sentrale Beheerkomitee Koshuise gedien nie, maar ook as uitvoerende beampte. Dit het beteken dat koshuissake in oorleg met die Direkteur: Koshuisadministrasie beplan en aan die SBK gerapporteer is.[362] Die bestuursverantwoordelikheid vir nie-bedryfsmatige aspekte van die koshuise het ook sedert 1994 die studentedekaan se taak geword.[363] In hierdie stadium het die PUK vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n vrou, me. Gonda du Bruyn, benoem as Koshuishoof van Eikenhof (voorheen 'n POK-koshuis).[364] Gedurende die negentigerjare is veral aan die volgende twee aspekte aandag gegee: die verbetering van die akademiese prestasies van studente en beter koshuisbesetting.[365]

- ***Koshuisbesetting en strategiese ontwikkelinge***

Sowat 380 vakatures in manskoshuise en 90 in dameskoshuise is gedurende die eerste semester van 1987 aangeteken. Dié tendens het gekorreleer met die dalende studentegetalle.[366] Die totale besetting in mans- en dameskoshuise was in 1987 sowat 2 730 studente. Die getal het geleidelik gestyg tot 3 049 studente in 1994. Daarna was daar 'n afplatting vanaf 2 975 in 1995 tot 2 656 in 1999.

Gedurende 1996 is ernstig besin oor die onderbesetting van koshuise en die studentedekaan en sy span het 'n vindingryke strategiese plan ontwikkel. Hierdie plan het onder meer die volgende veranderings ingesluit: meer gedifferensieerde akkommodasie (met behoud van die tradisionele koshuis), die instelling van koshuise vir senior studente, 'n rasionalisering van veral manskoshuise, die instelling van sogenaamde ontruimingskoshuise en elfmaandekoshuise, die verskaffing van basiese kosmaakgeriewe soos byvoorbeeld gangkombuise, die opgradering van die interkomstelsel om geraas tot die minimum te beperk, die ingaan op die kwessie van enkel- of dubbelkamers, elektroniese toegangsbeheer tot dameskoshuise, ensovoorts. Hierdie beplande veranderings is daadwerklik vanaf 1997 geïmplementeer.[367]

Aan die einde van 1997 was die eerste resultate van die omvangryke strategiese beplanning reeds duidelik sigbaar: Klawerhof is, net soos in die geval van Eikenhof, omskep in 'n senior dameskoshuis en ook toegerus met kombuisies. Die meerderheid ander koshuise het reeds oor beperkte voedselvoorbereidingfasiliteite beskik en drie ander koshuise is "geoormerk vir die aanbring van kombuisies".[368] Daadwerklike werwingspogings, asook 'n opgradering van koshuisgeriewe, het vir 'n toename in koshuisinwoners gesorg – die inwonersyfer het in 2000 gestyg tot 2 977 en in 2001 tot 'n100%-besetting van 3 049.[369]



Prof. Bingle op 'n slee! - Jingle Bells het Binglejells geword (Bron: PU-Kaner, 18 Junie 1976, p. 7)

Studentehuisname: erns, humor en raaksê-kwinkslae

Aan oorspronklike name vir studentehuise het dit seker nog nooit ontbreek nie. In die omgewing van die Bult naby die Universiteit sal 'n mens dus raaksêname opmerk wat uiteenlopende en soms weersprekende aspekte van studentwees belig – dink byvoorbeeld aan 'n benaming soos "Boeke toe" naas "Stokkiesdraai!" Dat studentehuise nie altyd nuut gebou of modern toegerus is nie, verraai name soos "Spookhuis" en selfs "Mosquito Adventures" – tog is dit duidelik dat studente hulle blyplek as 'n eie koninkryk beskou: 'n naam soos "Villa Hé" of Huis Paradise" spreek mos boekdele. So ook dat "Oom Gert-hulle" beslis effens patriargaal impliseer dat dit 'n huis net vir mansinwoners is. 'n Huisnaam soos "Wat kyk jy?" is weer genoeg om enige nuuskierige te ontmoedig, en vir daardie tikkie andersheid sorg name soos "Bewitched", "Huis Bolyf", "Untag", "Area 51". 'n Klompie jare gelede











Nog Karnavalpret (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})



Lydia Hoogendijk, die eerste Karnavalnooientjie in die geskiedenis van die PUK, 1982
(Bron: Die Wapad, 23 Apr. 1982, p. 1)

het die onverwagtheid van studentehumor menige verbyganger onwillekeurig laat glimlag. By 'n heininglose studentehuis in Tomstraat kon studentemotors naamlik onbeperk en willekeurig intrek, uittrek en parkeer sonder enige beperkings. Reg voor die voordeur van die huis was daar egter 'n alleenstaande, ankerlose hekkie met hierdie kennisgewing: "Moenie voor die hek parkeer nie!" Ook koshuise het in studentegeledere eiesoortige name gekry: dink byvoorbeeld aan Treurspelhal en Dampieshal. Die stemmige koshuisnaam, "Ons Huis", het gaandeweg verander in redelik onvleiende benamings soos "Wit Olifant" en "Gatland" – name wat natuurlik ook hulle eie lading kommentaar dra. In koshuise het selfs individuele koshuisgange soms 'n eie naam verkry: "Sôkkel-sôkkel" wou dalk indirek sê dat 'n student ook maar akademies sukkel om vooruit te kom, en wie weet – het "Seven Seas" nie dalk sy oorsprong by 'n lekker ou laatnagse oorstroomen skaatssessie in die gang gehad nie? Of dalk slaan dié naam effens parodiërend op die genot binne in die Seven Ships-bottel? 'n Naam soos "El Toro" klink nogal gevaarlik of uitdagend en "Shibumi" sê seker ook iets eiesoortigs.

En met hierdie agtergrondinligting in gedagte, weet 'n mens gewis: 'n naam (en spesifiek 'n naam wat deur 'n student uitgedink is) se betekenis impliseer beslis veel méér as net die letters waaruit dit saamgestel is.



Prof. C.J. van der Watt (Bron: Besembos, 1979)

- ***Veranderde bestuursbenadering én die oopstelling van koshuise aan alle studente***

Sedert 1994 is 'n veranderde bestuursbenadering, naamlik die vennootskapsbenadering ten opsigte van koshuisbesture ingevoer. Hierdie stelsel het besonder byval gevind, aangesien lede van koshuisbesture "byna ongelooflike toewyding en bereidheid om bestuursverantwoordelikheid te dra" geopenbaar het. 'n Negatiewe aspek van die bestuurstyl was dat studenteleiers soveel bestuursdruk ervaar het dat dit hulle akademiese prestasie benadeel het. Só byvoorbeeld was daar aan die einde van 1994 minstens twee primarii wat ernstige akademiese probleme ondervind het.[370]

Een van die probleme waarmee die koshuisbesture in die negentigerjare moes worstel, was die oopstelling van koshuise vir alle studente – ongeag kleur of ras. Op 26 April 1990 het die Raad só oor die toelating van alle bevolkingsgroepe tot die universiteitskoshuise besluit: "Die inwoningsgeriewe van die Universiteit word vir alle studente beskikbaar gestel onderhewig aan die Christelike en Afrikaanse karakter van die Universiteit en die bepaalde reëls, regulasies en beperkings wat vir alle inwoners geld. Vrye assosiasie sal sover prakties moontlik in die implementering van hierdie besluit in ag geneem word." In 'n vertroulike meningsopname deur die studentedekaan is bevind dat die meerderheid studente teen die Raad se besluit gekant was. Konserwatief-gesinde studente het die Raad se besluit verwerp en geëis dat 'n referendum gehou moes word. Die Universiteitsowerheid het nie aan die eis gehoor gegee nie, maar 'n intensiewe "kommunikasie- en opleidingsprogram" gevolg, waarin die verkose Studenteraad (sedert Augustus 1990) 'n



Van die studentehuise in die omgewing van die PUK-kampus (Bron: PU-Kaner, 9(92),1992)



Van die verskillende koshuise se embleme (Bron: Besembos 2002)

deurslaggewende rol gespeel het om studente wat in 1991 van koshuisinwoning gebruik sou maak voor te berei.[371]

Die sterk gevestigde koshuisgees en -tradisies, in sommige gevalle met 'n sterk militaristiese kleur, was nie aanvaarbaar vir koshuisinwoners uit nie-Afrikaanse gemeenskappe nie. Terwyl verskeie koshuise jaloers gewaak het oor die behoud van bestaande hoofsaaklik dominant Afrikaanse tradisies, het veral swart studente dit ervaar as die doelbewuste implementering van 'n uitsluitingsmeganisme.[372] Die sogenaamde koshuiskultuurprojek is gevolglik gedurende 1998-1999 geloods om noodsaaklike veranderinge in die bestaande koshuiskultuur te bewerkstellig. Dié projek is met gemengde gevoelens ontvang; vir sommige studente "was dit sekerlik slegs 'n formaliteit wat oorleef moet word, waarna op die ou paaie voortgegaan kan word". Die oorgrote meerderheid koshuise het die saak met erns aangepak en die huisvader van Kasteel het met trots opgemerk: [Die Huiskomitees] "was instrumenteel hierin en verdien werklik lof oor die wyse waarop hulle die prosesse gestuur het en steeds bestuur". Alhoewel die meerderheid swart studente die koshuis as 'n blote losieshuis beskou het, het hulle stadig maar seker by die koshuiskultuur ingeskakel.[373]

- ***Die O&B-program vir eerstejaars***

Die primêre doelstellings van die O&B-program het ondanks deurlopende verfyning en aanpassing deur die jare heen dieselfde gebly. Dit is naamlik 'n voorbereidingsprogram wat op alle aspekte van die studentelewe gemik is en in besonder fokus op die akademiese oriëntering van eerstejaars.[374]

Aangesien die verwerwing van noodsaaklike kennis 'n sleutelelement van die O&B-program was, is die Broseksamen gedurende die tydperk 1988 tot 2003 behou. Steeds het dit nie aan vindingryke/moedswillige (?) kandidate en antwoorde ontbreek nie. Die PUK se embleem het volgens diésulkes gewissel van "'n Kandelaar met tien arms", "'n Hand met sewe vingers", "'n Protea" tot "'n Sewevoetige kerslantern". Die verklaring vir Jool ("**J**ou **o**ntbaatsugtige **o**poffering vir **l**iefdadigheid") het ook onder die onkunde (moedswilligheid?) deurgeloop: "**J**aarlikse **o**rtodokse **o**nsedelike **l**iefdadigheid", "**J**onk **o**ordronk **o**orgretig **l**awaaierig" en "**J**olige **o**ptog en **o**rdentlike **l**agbuie". Daarbenewens was die "Moord- en Roofafdeling" afdeling van Beskermingsdienste, die "Wynkultuurrraad" 'n onderliggaam van Korpsraad en is die inskripsie teen die Calvynfontein (voor die Regsfakulteitgebou) "Geskenk deur Johannes Calvyn", "Moet net nie hier swem nie" en "Spuit in liefde vir die PUK". Die eerste reël van die Alma Mater is glo ook nie "Gebore uit die nag van smaad" nie, maar "Gebore uit die maagd van smaad"![375]

Gedurende die era van die studentedekaan is die O&B-program voortdurend verfyn en aangepas by veranderende omstandighede. 'n Demokraties-gedrewe Suid-Afrika, veral sedert 1994, het daartoe aanleiding gegee dat menseregte (en in universiteitsverband die regte van eerstejaarstudente) hoog op die prioriteitslys van die regering en die Universiteitsowerheid geplaas is. 'n Belemmerende faktor in die vernuwing van die O&B-program was die tradisies van sommige koshuise wat universiteitsgesag in die algemeen, en dié van die SR in die besonder, ondermyn het. 'n Klassieke voorbeeld in hierdie verband is dié van Over de Voor-manskoshuis, wat ondanks herhaaldelike waarskuwings, in 1988 die O&B-program weer met hulle eie aksies onderbreek het. Daarop het die Universiteitsowerheid, met die steun van die SR, op Saterdag 30 Januarie 1988 al die eerstejaars van Over de Voor na ander koshuise van hulle keuse oorgeplaas. Die redaksie van *Die Wapad* het so oor hierdie insident berig: "Dis jammer dat die owerhede geen keuse gelaat is as om hardhandig op te tree nie."[376]

Die PUK- en studente-owerheid het sedertdien pogings aangewend om koshuistradisies skadeloos te stel. Met die totstandkoming van 'n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika en die aanvaarding van die Handves van Fundamentele Menseregte het dit noodsaaklik geword om van tradisies wat ander kultuurgroepe te na kom ontslae te raak. Nie-Afrikaanssprekende studente het reeds in 1995 hulle stem dik gemaak teen koshuistradisies, wat deur hulle as deel van die blanke kultuur beskou is. Hulle was van mening dat intimidasie en dwang 'n rol speel in die implementering daarvan en het aangedui dat die O&B-program deur nuwe meganismes vervang behoort te word.[377]

Studenteleiers het ondanks dié kritiek besluit om met die O&B-program voort te gaan, maar die program vanuit 'n ander invalshoek te benader. Tydens 'n bosberaad is vier riglyne geïdentifiseer wat as van kardinale belang beskou is by die hantering van eerstejaars, naamlik die erkenning van menswaardigheid, wedersydse respek vir mekaar, die nastreef van opvoedkundige doelwitte en die verantwoordelike toepassing van O&B-gebruike. Alle aksies (ook koshuistradisies) sou voortaan aan dié kernriglyne gemeet word.

Om 'n demper te plaas op die fanatiese en soms ongesonde koshuiswedywering, is daadwerklike pogings aangewend om 'n PUK-eenheidsgevoel te vestig. Die studenteleiers en Universiteitsowerheid het aksies geloods om studente sensitief te maak vir die feit dat hy/sy nie slegs 'n koshuisinwoner is nie, maar deel is van die groter PUK-familie. Só byvoorbeeld het elke eerstejaar 'n PUK-T-hemp ontvang, wat somtyds tydens die O&B-program (veral met *sing-songs*) gedra sou word.[378] Besondere sukses is met die nuwe O&B-programbenadering behaal. In *Wapad* was die gloeiende redaksionele kommentaar hieroor: "O&B, soos hy hierdie jaar [1996]

aangebied is, het verseker dat dit gekom het om te bly. Daar word gehoop dat hierdie eerstejaars as ware Pukke, die ongelooflike gees van die PUK soos die Olimpiese vlam permanent sal laat brand. Lank lewe O&B".[379] 'n Meningsopname onder die eerstejaars het aangetoon dat 95% van die respondente van oordeel was dat die program moet voortgaan. Daarbenewens het die kleurling-, swart en Indiër-respondente, wat 33% van die groep van 50 uitgemaak het, met 93% gestem vir die voortbestaan van die O&B-program. 'n Negatiewe aspek, wat deur die ondersoek aan die lig gebring is, was dat 17% van die dames en 12% van die mans gevalle van intimidasie vermeld het. Klagtes het ook gewissel van te min slaap, baasspelerige seniors en "te veel afgekraak en verneder".[380]

Genoemde klagtes het tot 'n verdere aanpassing van die O&B-program gelei, soos byvoorbeeld versoeke om meer slaaptyd asook meer studietye. In 1998 is 'n verdere ondersoek deur die SR oor koshuistradisies geloods. As uitvloeisel van dié ondersoek is besluit dat elke koshuis sy eie tradisies moes evalueer en meet aan die volgende waardes: menswaardigheid, persoonlike groei, trots en deelname. Huiskomitees het 'n lys van koshuistradisies gemaak en daarna aan koshuisinwoners voorgelê. Tradisies wat nie aan genoemde kriteria beantwoord het nie, is op 'n kreatiewe manier verander en vernuwe. Die finale stap was die opstel en ondertekening van 'n gedragskode vir elke koshuis, wat aan die rektor oorhandig moes word. Geen koshuis is egter verplig om genoemde prosedures te volg nie.[381]

Ondanks al bogenoemde voorsorgmaatreëls het die inwoners van die "berugte" manskoshuis, Over de Voor, hulle in 2000 weer aan 'n growwe skending van die riglyne vir die O&B-program skuldig gemaak. Vir 'n tweede keer in sy geskiedenis is dié manskoshuis se eerstejaars weggeneem en is 'n ondersoek onder leiding van advokaat H.J. Kruger geloods. Na deeglike besinning is besluit om Over de Voor oor drie opeenvolgende Huiskomiteetermyne aan streng voorwaardes te onderwerp. Hierdie stap het geïmpliseer dat die koshuis se voortbestaan in gedrang sou kom indien enige verdere misstappe deur die koshuisinwoners begaan sou word. 'n Evalueringskomitee, bestaande uit drie senior akademici, sou een keer per maand vergader om die koshuis se vordering te monitor, waarna 'n verslag saamgestel sou word om die rektor te adviseer.[382]

Sensitiewe aangeleentheid wat reeds vroeg in die periode tussen 1989 en 2003 aan die orde gekom het, was op watter tydstip die eerstejaars onthef moes word. Tradisioneel is hierdie besluit oorgelaat aan die onderskeie koshuise. Dit het die studente byvoorbeeld nie vreemd opgeval dat die eerstejaars van Wag-'n-Bietjie-dameskoshuis reeds Meimaand onthef is,[383] terwyl die Veritas-eerstejaars in Augustusmaand[384] en dié van Over de Voor eers in Oktobermaand onthef is nie.[385] In die lig van die onhoudbare toestand wat in sommige koshuise tussen seniors en eerstejaars geheers het, het pleidooie uit die studentegemeenskap opgegaan dat eerstejaars so gou moontlik van hulle "lyding" verlos moes word.[386] Die pleidooie het nie op dowe ore geval nie.

In samewerking met die Universiteitsowerheid het die SSR in 1990 besluit om die eerstejaars reeds op 15 Maart 1990 tot volwaardige studente te verklaar. Terwyl uiteenlopende reaksie daardeur ontlok is, was *Die Wapad* minstens van mening dat dit 'n positiewe stap was en "dat ontgroening en oriëntering nou uiteindelik in die studentemond ontvangs en bekendstelling sal word".[387] Die ontheffingsdatum is daarna stelselmatig vervroeg totdat dit teen 1994 in Februariemaand van elke jaar plaasgevind het.[388]

Studentevindingrykheid het met die ontheffingseremonies geen perke geken nie. Só byvoorbeeld het die huiskomitee van Wag-'n-Bietjie-dameskoshuis in 1988 afgewyk van die tradisionele ogpoe-drinkery. Die eerstejaars is een aand na middernag na die ontspanningsaal ontbied en daarna verskeie kere teruggejaag om ander klere aan te trek. Toe die HK uiteindelik tevrede was, is die bedremmelde eerstejaars, nadat hulle eers voor Veritas gesêr het, na die ou PUK-rugbyveld geneem. Hulle is daar in groepies van drie by die paviljoen ingelei, waar hulle 'n skouspel van dosyne brandende kerse wat wat die woorde "I love you" uitgespel het, kon gadeslaan. Vir sommige eerstejaars was die oomblik so groot dat tussen die verbaasde uitroepe heen selfs 'n traan of twee weggevee is. Een door het die groep se oorweldigende gewaarwording só saamgevat: "Dankie alles is verby!"[389]

Ondanks sekere ongure elemente, wat nie by die goedgekeurde programme gehou het nie, het eerstejaars die O&B-program (insluitend die goedgekeurde koshuisprogramme) oor die algemeen positief ervaar. Sommige eerstejaars was selfs die mening toegedaan dat hulle dit baie erger verwag het.[390] Die totstandkoming van die Studentemenseregtekommissie in 2001 het gedien as 'n verdere veiligheidsmeganisme, wat oor die regte van veral eerstejaarstudente gewaak het.[391]

Nieteenstaande soveel voorsorg was daar egter nog van tyd tot tyd negatiewe insidente, wat "op grond van die aard van studente" sekerlik onafwendbaar is. Die vrees het egter by veral senior studente ontstaan dat die O&B-program, as gevolg van insidente, al hoe meer afgeskaal sou word en dat die PUK sy identiteit ten opsigte van ontgroening sou verloor – soos wat dit reeds op ander kampusse duidelik was. Ondanks hierdie vrese het die O&B-program gegroei tot 'n werklik opbouende inskakelingsproses en verskil die programme van 2001, 2002 en 2003 bloedweinig van mekaar. Die algemene gevoel is steeds dat nie aan 'n wenresep getorring word nie.[392]

- ***Bevordering van die akademie***

Die akademiese interkoshuiskompetisie, wat reeds in 1981 ingestel is, is in die negentigerjare aangewend as 'n nuttige meganisme om akademiese prestasie onder koshuisinwoners te bevorder. Die Rektorstrofee is toegeken aan die koshuis wat die beste gedurende die eerste semester op akademiese gebied presteer het. Vir akademiese uitnemendheid in die tweede semester is die Kanselierstrofee toegeken. Aanvanklik is die prestasies van die mans- en dameskoshuise saam geëvalueer, maar aangesien die mans, op enkele uitsonderings na, altyd swakker as die dames presteer het, is die wenner van die manskoshuise ook beloon.[393] In 1992 was die beste prestasie vir 'n manskoshuis vir die eerste keer in die geskiedenis beter as dié van sommige van die dameskoshuise. Boonop het twee dameskoshuise daarin geslaag om ook vir die eerste keer in die geskiedenis bokant die kompetisiepunt van 20 te presteer.[394] Gedurende die tweede semester van 1995 het Villagers, wat die eerste plek (met 'n kompetisiepunt van 18,3500) onder die manskoshuise behaal het, net-net daarin geslaag om Wanda dameskoshuis te klop. Interessant om daarop te let dat hoewel Wanda onder aan die punteleer vir dameskoshuise geëindig het, dié koshuis steeds 'n kompetisiepunt van 18,0476 behaal het![395]

- ***Die eerstejaarsondersteuningsprogram***

Met die "ouboetstelsel" lankal in die vergetelheid en met nuwe prosesse gereed om eerstejaars akademies te ondersteun, is 'n akademiese ondersteuningsplan in 1991 vir koshuiseerstejaars in werking gestel. Verantwoordelikheidsbeurse is beskikbaar gestel om die akademiese prestasies van die manskoshuise te verbeter. 'n Losiesbeurs van R500,00 is beskikbaar gestel aan senior studente wat, in ruil daarvoor, 'n aantal eerstejaars moes ondersteun ten opsigte van studie- en aanpassingsprobleme. Die skema het reeds in 1991 sulke goeie resultate gelewer dat dit die volgende jaar na die dameskoshuise uitgebrei is.[396]

Die ondersteuningsprogram was nie sonder haakplekke nie, aangesien "verantwoordelikheidsbeurshouers" nie na behore opgelei is nie, nie die nodige vakkundige ondersteuning ontvang het nie en ook soms nie die nodige "bestuursondersteuning in hulle koshuise" gekry het nie. Gevolglik is in 1995 besluit om die program, in samewerking met die Buro vir Akademiese Steundienste, behoorlik te herstruktureer.[397] Die rol van akademieraadgewers, veral in die manskoshuise, was in 1996 nog steeds nie op peil nie. Daarteenoor het die dameskoshuise hulle studie- en ontspanningstye heelwat strenger toegepas as in die meeste manskoshuise. Huisvaders het die akademiese vordering van risikogevalle gemonitor deur onder andere onderhoudvoering. Die feit dat die drie dorpskoshuise twee eerste en een tweede plek behaal het in die akademiese interkoshuiskompetisie van 1996 was 'n aanduiding dat dorpstudente in 'n gunstiger posisie was om akademies te presteer.[398] 'n Ooraanbod van studente en die feit dat koshuisinwoners wat nie hulle studiejaar slaag nie, nie weer plek in die koshuis kon kry nie, het as 'n nuttige reguleringsmeganisme vir akademiese prestasie gedien. Daarbenewens het die mededinging om die Kanseliers- en Rektortrofee ook as besondere motivering vir koshuise gedien om op akademiese gebied te presteer.[399]

- ***Jool[400]***

Die Universiteitsowerheid en die SR het in 1988 besluit om Jool (met die reeds- vermelde betekenisinhoud van: Jou onbaatsugtige opoffering vir liefdadigheid) voortaan in die plek van Karnaval in te stel. Daardeur is gepoog om twee wanpersepsies met wortel en tak uit te roei, naamlik dat slegs 'n gedeelte van die wins vir liefdadigheid aangewend word en dat Karnaval/Jool slegs pret en plesier of "jol" beteken. Jool 1988 sal beslis ook onthou word vir verskeie "eerstes". Dit was byvoorbeeld die eerste keer dat 'n Joolpersoonlikheid (voorheen Joolkoningin genoem) en haar twee prinsesse gekroon en aan die vlotoptog deelgeneem het. Daarbenewens is daar tot groot plesier van die meerderheid studente vir die heel eerste keer op die Joolplaas (voorheen Karnavalplaas) gesokkie.[401] Benewens al die genoemde positiewe motiewe wat met Jool verbandhou, het die klemverskuiwing ook meegebring dat die PUK-joolkomitee voortaan geaffilieer sou wees by NAJOSA (Nasionale Jool van Suid-Afrika).

By NAJOSA was twaalf Suid-Afrikaanse universiteite geaffilieer en tydens jaarlikse kongresse is afgelope Joolaksies bespreek. Hierdie byeenkomste het ook gedien



Joolgeld word onder andere in Promosa benut
(Bron:* PU-Kaner, *2(89), p. 9)



Oriëntering- en Bekendstellingsaktiwiteite (O&B) sedert die negentigerjare
(Bron: PUK-Argief {Maclez Studios})



Jool-aktiwiteite gedurende die negentigerjare (Bron: PUK-Argief F00702 {Versamelings van Maclez Studios & Foto First})








If there's MAGIC
out there: the PUK
will find IT!






VROETELKOETS
TRL 150 T







PUK SE EIE KOERANT SEDERT 1946

Wapad

IN U LIG

Jaargang 49 Nommer 9 Dinsdag 31 Oktober 1995

Lank lewe O-&-B op die Puk

Vita Wilkens

DIE Ontvangs- en Bekendstellings-program van eerstejaars bly voortbestaan. Kritiek teen die program soos dit in die verlede aangebied is en veranderende omstandighede in die land, het studenteleiers genoop om O-&-B vanuit 'n ander invalshoek te benader.

Die implementering van O-&-B bestaan uit drie komponente. Die eerste is 'n gedragskode. 'n Bosberaad is gehou waar daar eiesoortskap aan studente gegee is om 'n universele optrede te bewerkstellig wat betref die aanbieding van O-&-B. Die gedragskode is nie voorskriftelik wat betref aksies en tradisies nie, maar daar is wel waardes geïdentifiseer waaraan elke aktiwiteit gemeet moet word.

Die tweede komponent van die implementering is die groter klem wat daar op samesang geplaas gaan word. 'n Nuwe orkes met goeie toerusting is gestig en algemene lekkersing liedjies is geïdentifiseer om vir die eerstejaars aan te leer. As deel van die implementering van die nuwe liedjies, sal daar tydens O-&-B aande wees waar die eerstejaars as Pukke saam sing en nie in koshuisverband met mekaar meeding nie.

Die derde komponent behels d implementering van O-&-B deur midd van ervaringsleer. Hierdie is sielkundig-wetenskaplike metode wat samewerking met komponente een twee 'n beter aangepaste student daar stel. Die sielkundige en fisiese oefenin sal in sleepverband vir alle eerstejaa aangebied word. Die vier oefenin behels die volgende, naamlik die doel m O-&-B, groepgees, wat beteken O-&- vir my en positiewe belewenis.

Louis du Plessis, SSR adjunk-voorsitt en die persoon verantwoordelik vir die O &-B-program, sê dat hierdie 'n pogin van die Puk-studenteleiers is om 'n mé dinamies, inklusiewe O-&-B-progra totstand te bring. Volgens hom is d belangrik dat almal sal verstaan d studenteleiers 'n onmisbare rol het in d O-&-B-program. Die leiers besef oo deeglik die belangrikheid van d akademie. Voorts sê hy ook dat dit tyd dat O-&-B sy funksie moet verri naamlik om van eerstejaars betrokk gelukkige en gebalanseerde Pukke t maak. Dit moet ook verseker dat as 'n stu dent die Puk verlaat, hy/sy die nodig sosiale vaardighede aangeleer het o sukses in die arbeidsmark te verseker.


Wapad stel sy standpunt oor die voorgestelde O&B-program (Bron: Wapad, 31 Okt. 1995)

as 'n opleidingsgeleenheid vir die nuwe Joolvoorsitters. Via NAJOSA is universiteite tot 'n eenheid saamgesnoer en is beklemtoon dat die wenmotief op die onderskeie kampusse eerder in diens van liefdadigheid aangewend moes word.[402] Die PUK het as 'n relatiewe klein universiteit goed gevaar in die nasionale Joolkompetisie. Só byvoorbeeld het die PUK-joolkomitee van 1995-1996 elf universiteite en een technicon stof in die oë geskop deur met die meeste sertifikate weg te loop: twee eerste plekke (beste groei in wins en bloedskenk per capita) en verskeie tweede plekke (totale bloedskenk, beste Joolblad en T-hemp). Daarbenewens het die Voorsitter van die Joolkomitee, Chris Trytsman, 'n sertifikaat ontvang vir besondere prestasie as Joolvoorsitter.[403]

In praktyk was die oorgang van Karnaval na Jool in hoofsaak bloot 'n naamsverandering en het die vernaamste aksies van Karnaval weer herleef. Ou gunstelinge was die begrafnis van die akademie, die tradisionele vlotoptog, die amptelike opening deur die president van Tarentaal, Kaap na Rio-wedvaart, kaskarresies, bloedskenk, waterspele, pretdraf, verkoop van Die Pukkie, en veral die optrede van vermaaklikheidskunstenaars.[404]

Jooltemas, soos met die eertydse Karnavaltemas, het beslis nie ontbreek aan oorspronklikheid nie: PUK wilder as ooit,[405] Die naam is Jool, PUK J007 (James Bond-rolprente),[406] Feestelik,[407] Wat kyk jy?,[408] Die natuur roep[409] en Die 50's is in.[410]

Jool was ook finansieel kerngesond en verskeie liefdadigheidsorganisasies het baie voordeel daaruit getrek. In 2003 byvoorbeeld kon 'n fenomenale bedrag van sowat R400 000,00 aan liefdadigheid geskenk word: onder andere aan die Vrouefederasie van Delareyvilledistrik (R30 000,00), die Beskermingshuis in Potchefstroom (R10 000,00), die Deurgangshuis in Carletonville (R30 000,00) en 'n jong kankerpasiënt van Klerksdorp wat 'n rugmurgoorplanting in Kaapstad moes ondergaan.[411]



Chris Trytsman, as beste Joolvoorsitter deur NAJOSA vir 1994-1995 aangewys (Bron: Die Wapad, 19 Mei 1995, p. 2)

'n Euwel wat nie by die Christelike karakter van die PUK gepas het nie, was sommige studente se onverantwoordelike drankmisbruik tydens Jool. Die SR het verskeie vrugtelose aksies geloods, onder meer die sogenaamde *buddy*-stelsel en die uiters ongewilde besluit om gedurende die 1995-Jool geen drank op Joolplaas toe te laat nie. Dit is beklemtoon dat Jool inderdaad staan vir **J**ou **o**nbaatsugtige **o**poffering vir **l**iefdadigheid en beslis nie vir "**J**ollifikasies van **o**nopgevoede en **o**nvolwasse **l**ieplappers" nie.[412]

Ou klagtes dat Karnaval/Jool te laat in die jaar plaasgevind het, is opgelos deurdat Jool geleidelik vervroeg is om gedurende die eerste week van Februarie plaas te vind. Daardeur is die kwessie van die winterkoue en die belemmering van die akademie opgelos, maar nie die reën nie.[413] Tradisioneel reën dit gewoonlik gedurende Jool. Die PUK-massa het byvoorbeeld in 1991 die Jooltema "Die PUK wilder as ooit" spontaan verander na "Die PUK natter as ooit" verander, aangesien reënbuie die Joolplaas in 'n "Joolplas" verander het.[414]

Probleem wat die SSR nie kon oplos nie, was die geweldige en soms ongesonde kompetisie tussen koshuise. Die balans tussen die skepping van 'n kompetisiegees in koshuisverband om sodoende die maksimumdeelname aan Joolaktiwiteite te verseker en die nastrewe van die werklike doel van Jool kon nie gehandhaaf word nie. Koshuise het hulle selfs onttrek aan Jool indien hulle van mening was dat hulle op die een of ander wyse benadeel is. Só het Patria byvoorbeeld in 1997 onttrek aan Jool en is die vraag tereg deur die redakteur van Die Wapad geopper of Jool nie dalk verval het in 'n blote kompetisie en dat die ware rede daarvoor verlore gegaan het nie.[415]



Jool 2004 in Potchefstroom – Totius vier dit saam (Bron: Estee Steyn {Grafiese student})

Samevattend kan dus gesê word dat georganiseerde sport aan die PUK, veral sedert die negentigerjare, op 'n besonder professionele wyse beoefen is. Daarbenewens het PUK-sport ontwikkel tot 'n kragtige werwingsmiddel waarmee belowende sportlui landswyd na die PUK getrek is. Die PUK beskik ook oor hoëstandaardkoshuisgeriewe en besondere koshuistradisies wat sinvol by die wisselende omstandighede en eise van 'n dinamiese studentegemeenskap aangepas is. Oor dekades heen het die PUK die oriëntering- cum ontvangs- en bekendstellingsprogram ontwikkel tot 'n studentvriendelike aksie waarin die balans tussen studentepret en akademiese aanpassing op 'n besondere wyse gehandhaaf is en word.

'n Ander onontbeerlike "aksie" of diens wat bydra tot die handhawing van balans tussen akademie, studentepret, studenteverantwoordelikheid en pligsbesef is die talle ondersteuningsdienste wat op die PUK-kampus beskikbaar is. Hoofstuk 8 vervolg deur op hierdie faset te fokus wat tot 'n groot mate 'n tersiêre instansie kan maak of breek.